**DR ERNST VAN DER WALT**

# DIE KULTUUR – HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE VEEBOER GEDURENDE DIE AGTIENDE EN NEGENTIENDE EEU AAN DIE KAAP

‘n KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE VEEBOER GEDURENDE DIE AGTIENDE en NEGENTIENDE EEU AAN DIE KAAP

## 1. DIE KERKLIK-GODSDIENSTIGE LEWE

### 1.1 DIE EREDIENS

Al het die kerkorde van Dort, behalwe die hoofdiens Sondagmôres, ook ‘n tweede of namiddagdiens voorgeskrywe, is daar gedurende die 18de eeu in die plattelandse gemeentes meestal net een diens – Sondagmôres – waargeneem. Eers aan die begin van die 19de eeu het namiddagdienste op die platteland meer gebruiklik geword, veral gedurende die wintermaande. Eers heelwat later is hierdie namiddagdienste op die platteland vervang deur die huidige aandienste. [1)]

Die erediens kan tereg die spil genoem word waarom die kerklike lewe draai. Alhoewel die erediens na sy inhoud sy hoofelemente, vroeër ongeveer dieselfde was as vandag, het die orde destyds heelwat anders as vandag verloop.

Kort ná die eerste gelui het die eerste kerkganger binnegekom en plaasgeneem, mans en vrouens apart – familiebanke het eers later gekom – die vrouens het op stoele heel voor in die skip van die kerk gesit en die mans op banke agter hulle.

Kort ná die tweede gelui het “mynheer de Voorleser” binnegekom en op die sg. “Voorleserstoel” links van die kansel gaan sit. Na ‘n paar oomblikke van stilte staan hy op, neem stelling in agter die sg. voorlesersknaap voor die kansel en doen die huweliks-en ander aankondigins, vervolgens neem hy die Skriflesing waar en wel uit die hooftuk waaruit die dominee weldra

---

1. Smit A P (ds) Gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Swartveld (1745-1945) p.101

sy teks vir sy preek sou neem (vandaar sy naam – Voorleser). Teen die tyd dat hy die “kapittel” deurgeworstel het, gaan die derde gelui en nou eers begin die eintlike erediens, wanneer die Voorleser die lofpsalm opgee en as “voorsinger” ook die gemeente lei. Orrels en veral pyporrels is eers later in eredienste gebruik. [1)]

Die Predikant het toe reeds ‘n vaste ampsdrag gehad. ‘n Swart rok met groot knope en breë omslae en pante, kort broek, lang sykouse en skoene met silwer gespes.

Buite die kerk het dominee ‘n ronde, later driehoekige hoed, die sg. Steek gedra. Eers teen die einde van die 18de eeu het predikante ‘n mantel (voorloper van die toga) en bef begin dra. Die toga maak eers verskyning in die laaste helfte van die 19de eeu. [2)]

DIE LITURGIE

Onder die sing van die lofpsalm kom die predikant, vergesel van die kerkraadslede die kerk binne en bestyg die preekgestoelte. Na die gebruiklike votum en seëngroet deur die predikant volg die lees van die Wet en die Twaalf Artikels of Geloofbelydenis. Dit is ook vroeër deur die Voorleser gedoen. In dié tyd is daar nie ná die Geloofbelydenis gesing nie.

Die besondere plek wat die Voorleser sover ingeneem het, is eers later deur die predikant oorgeneem.

Die predikant lewer eers sy sg. “voorafspraak”, ‘n lang inleiding tot sy preek, met sy teksverdeling of hoofgedagtes. Dit word opgevolg deur die sing van ‘n psalm. Die gesange is eers in 1814 ingevoer. Terwyl die diaken die liefdegawes “voor Kerk en Armen” opneem – in swart fluweelsakkies wat aan die punt van

---

1. Smit, A.P. Ongepubliseerde lesing – Die kerklike Gebruike aan die Kaap in die ou dae (1967)
2. Smit-lesing.

lang stoke vasgemaak is. Aan die fluweelsakkies was ‘n sierlike kwassie of meer dikwels ‘n silwerklokkie wat klaarblyklik bedoel was om diegene wat intussen onder die lang “voorafspraak” begin insluimer het, weer wakker te maak!

Na die kollekte volg die gewone kanselgebed terwyl aan die einde daarvan weer ‘n psalm gesing word.

Daarna volg die preek wat ongeveer een en ‘n half tot twee uur geduur het. Die diens is dan afgesluit met ‘n nagebed, slotsang en seënbede.

Die geskiedskrywer Theal het die indruk gekry dat hierdie 18de eeu eredienste maar baie koud en lewensloos moes gewees het en nie juis daarop bereken was om geestelike vuur en ywer by die kerkgangers op te wek nie.[1)]

Dit was die eeu van die rasionalisme en koudheid op godsdienstige gebied. Die “deftige en doodsche preekwyze” van die meeste van die destydse predikante het dit ongetwyfeld in die hand gewerk. Behalwe dat die predikasies baie lank was, was die teksverdelings veelal te ingewikkeld en die voordrag te “droog” om in die smaak te val, veral van die jongmense, wat tóé reeds na meer prakties-evangeliese sielevoedsel gesmag het. Aan die begin van die 19de eeu, met die deurwerking van die “evangeliese” gees het ‘n gestadige verbetering in die preekstyl gekom. Hiertoe het manne soos ds. M.C. Vos, dr. H.R. van Lier en ander met hul prakties-evangeliese boodskappe ongetwyfeld baie bygedra. [2)]

Behalwe met nabetragingsdienste wat gedurende Nagmaalnaweke gehou is, is namiddagdienste eers later ingestel. By dié geleentheid het die predikant uit die kategismus gepreek en die

---

1. Vgl. Theal G.McC. History of South Africa III bl. 309 by Smit
2. Swartland bl. 103 Vgl. Smit Swarland bl. 104.

jongmense en kinders moes dan die gebruiklike antwoorde op die kategismusvrae gee. Aanddienste het eers heelwat later gevolg en bidure eers in die 19de eeu.

Die Doop- en Nagmaal-sakramente is deurgans aan die einde van die diens bedien. [1)]

DIE KERKSANG

Nie alleen die onaantreklike preektrant nie, maar ook die kerksang van die agtiende en vroeg-negentiende eeue het daartoe bygedra dat die eredienste dikwels sonder geestelike besieling was. Die sang was in die reël baie stadig en temerig en van owerheidsweë moes die kerk selfs aangemaan word om "wat spoediger" te sing! Dwarsdeur die 18de eeu is daar natuurlik net psalms gesing en wel volgens die beryming van Petrus Dathenus. Hierdie beryming, met sy platheid van taal en onbeholpenheid van vorm, het nie juis bevredigende kerksang in die hand gewerk nie.

In 1775 is hierdie sogenaamde «kreupele beryming" van Dathenus vervang deur die beter en meer moderne «Nuwe Rympsalms", wat die kerksang 'n stoot vorentoe gegee het. Tot die jaar 1814 is uitsluitend psalms in ons kerk gesing. In daardie jaar word die sogenaamde Evangliese Gesange - in 1806 reeds in Holland in gebruik geneem – vir die eerste maal in ons land ingevoer en wel deur die stadskerkraad, om kort daarna deur ander plattelandse gemeentes gevolg te word. Dit het ons kerksang verder verryk en verbeter. Die gemeentlede het destyds deurgans sittende gesing. Kore was tot in die twintigerjare van die 19de eeu 'n onbekende iets. [2)]

---

1. Smit-lesing
2. Vgl. Smit. Swartland. bl. 104.

Kerkorrels en kerkkore was in dié tydperk onbekend. Eers 80 jaar ná Van Riebeeck kry Kaapstad sy eerste orrel (1737) en teen die einde van die 18de eeu kry Paarl sy orrel (1791) en Stellenbosch eers in 1801; Malmesbury eers in 1853; Durbanville in 1860. Die Voorleser, d.w.s. as hy kon sing, moes dus maar as voorsinger optree. [1)]

DIE VOORLESER

Dit is vreemd dat die voorleser, en nie die predikant nie, die Skriflesing waargeneem het en veral dat dit gedoen is voordat die predikant en die kerkraadslede teenwoordig was en die erediens begin het. Baie kerkgangers het dan ook later gewag totdat die temerige skriflesing deur die voorleser verby was voordat hul die kerk binnegekom het. Dit was baie onstigtelik. Baie stemme het dan ook teen die funksie van die voorleser opgegaan. Die voorlesertradisie was egter so diep gewortel dat die sinode eers in 1857 aanbeveel het dat die predikant en kerkraadslede teenwoordig moet wees wanneer die Skriflesing geskied, hetsy deur die voorleser of die predikant. Maar kerkrade was traag om hierin 'n verandering aan te bring. In 'n gemeente soos Swartland het ds. Moorrees eers in 1873 «tot meerdere stigting" die skriflesing self waargeneem.

Dit het die einde van die voorleserskap in die Ned. Geref. Kerk beteken. Die voorleser moes hul streng by die voorgeskrewe formule en die preekboek van geordende predikante hou. Onder geen omstandighede mag 'n vrye voordrag of eie preek gelewer word nie. Toe Wijlandt dit in 1654 waag om "eenige lessen buyten syn boeck" vry voor te dra, het hy in die warm water beland. Die owerheid het hom vanuit Batavia sterk oor die kole gehaal en hom vermaan om hom binne die limiete van die «vocatie" te hou en nie verder sy sekel in 'n ander se oesland te slaan nie!

---

1. Smit-lesing

Toe Van Riebeeck hom daaroor betig het, het hy voorgegee dat sy oë hom in die steek laat en hy gevolglik genoodsaak was om die voorgeskrewe preke stuk-stuk uit sy hoof te leer "om in't lessen te min te haperen".

By afwesigheid van die predikant moes die voorleser die erediens lei en 'n preek voorlees, sonder aanstoot of ergenis, vaardig en Godbetamelik. Baie interessante staaltjies word vertel oor eiewillige voorlesers wat by die afwesigheid van die dominee dit gewaag het om sy eie Skrifgedeelte te kies, of selfs sy eie preek voor te dra. [1)]

RANGORDE IN DIE KERK

Veral in die 17de, 18de en selfs vroeë 19de eeu was die mense, veral vrouens, baie gesteld daarop dat hul sitplek in die kerk in ooreenstemming moet wees met hul rang of status in die samelewing. Die owerheid, onder wie die kerk toe nog gestaan het, het dan ook van tyd tot tyd "Ranglyste" uitgevaadig – en bewaar die arme koster as hy in die rangskikking van die sitplekke die vrouens van die vooraanstaandes die minste van hierdie "protocol" sou afwyk!

Wanneer die goewerneur die kerk binnekom, moes almal opstaan en met 'n diepe buiging eerbied betoon. Toe arme ouderling Jan Rotterdam, wat buitendien sy mes in gehad het vir die gehate W.A. van der Stel, in 1707 op 'n goeie dag in die Groote Kerk, Kaapstad, nie vir die goewerneur wou opstaan nie, is hy voor die Politieke Raad gedaag en uiteindelik verban.

Aan weerskante van die kansel het voor die dienende kerksraadslede ook die hoë regeringsamptenare soos die landdros en heemrade, die ereplekke ingeneem. Die sewe Kwartobybels wat De

---

1. Smit-lesing.

Mist in 1819 geskenk het was vir vier kerkraadslede en die landdros Cuyler en sy twee heemrade in die voorste banke weerskante van die kansel. Net agter hul het rustende kerksraadlede, oud-heemrade, ens. in rangorde plekke ingeneem.

Die stoele van die vroue voor in die skip van die kerk moes weer na die rang van hul mans gerangskik word. Byvoorbeeld die voorste ry: die predikantsvrou, met die gades van dienende kerkraadslede en hoê regeringsamptenare naas haar; daarna volg die eggenotes van rustende kerkraadslede e.a. van die oudste en aansienlikste vroue tot "onstigtelike tonele" binne-in Gods huis. Meermale het ‘n gegriefde suster haar op die landdros en selfs die Politieke Raad beroep.

Kerkrade het ‘n sug van verligting geslaak toe "het volkomen toeverzickt over de zitplaatsen der vrouwen" van hul skouers op dié van die landdros geplaas is.

Eers in 1829 het die Sinode van die Ned. Geref. Kerk besluit dat die eggenotes van rustende kerkraadslede in die vervolg "gene ranplaasen meer zullen hebben". Maar so rangbewus was ons mense in daardie jare dat die rangorde in die kerk ‘n besonder stadige dood gesterwe het. Dit was eers in 1860 dat die gemeente Swartland bv. afgesien het van aparte vrouesitplekke in die kerk. [1)]

1.2 <u>NAGMAAL</u>

DIE VOORBEREIDING VIR NAGMAAL

Ons vaders het besonder baie van die Nagmaalsfees gemaak. In die eerste jare in en rondom Kaapstad, voordat die gemeentes

---

1. Smit-lesing.

baie uitgestrek was, het die dominee, vergesel van ‘n ouderling, sowat 14 dae tevore by die huise omgegaan en die kerkraadslede persoonlik uitgenooi na die Nagmaal.  Daar was selfs ‘n tyd toe kerkraadslede kort voor die Nagmaal byeengekom gekom «op malkonders gedrag acht te gaan”.  Op die ry af moes elke broeder uitgaan en buite wag terwyl sy medebroeders hom bespreek het. [1)]

NAGMAALNAWEKE

Namate die kerk binnelands uitgebrei en die gemeentes meer uitgestrek geraak het, moes ons mense oor baie ver afstande met die ossewaens reis vir die kwartaallikse Nagmaal op die dorp – 15 en meer uur te perd.  Van die Donderdag af was die kerkplein met die wit watente oortrek.  Vrydag is inkopies by die winkels gedoen en Saterdagoggend was basaar.  Die namiddag is die voorbereidende diens gehou.  Maandag of self Dinsdag is die lang terugreis aanvaar. [2)]

DIE NAGMAALTAFEL

Hier en daar was daar arm gemeentes wat hulle aan die begin tevrede moes stel met «avondmaalgereedskap van aarde en luttel (min) waardy”.  In sommige gevalle het hulle hul selfs van »bierglazen en spoelkom” bedien.  Die gemeentes het egter waar moontlik, ‘n silwer Nagmaalservies aangeskaf.

So bv.  het landdros Cuyler al in 1817, deur Ds. Mol van Uitenhage, uit Kaapstad ‘n silwer Nagmaalservies en doopbekken bestel.  Dit is uit egte Kaapse silwer vervaardig deur die beroemde Kaapse silwersmid, Johannes Combrink, en is vir baie jare gebruik totdat dit as kosbare kleinode aan gebruik onttrek is en vandag veilig bewaar word.

---

1. Smit-lesing.
2. Smit-lesing.

Dit was vir baie jare die gebruik dat die Nagmaalgangers – eers die mans en daarna die vroue – op uitnodiging van die bedienaar groepsgewyse uit hul banke opgestaan en by die Nagmaalstafel voor die kansel aangesit het. Sodra hul klaar bedien is en 'n "tafeltoespraak" aangehoor het, het hul teruggegaan na hul banke, om weer deur ander gevolg te word. So is almal agtereenvolgens by die tafel bedien. Hierdie heen-en-weer stappery was bepaald baie onstigtelik veral waar die predikant by elke sitting 'n afsonderlike tafeltoespraak moes hou. 'n Nagmaalsdiens het in daardie tyd maklik drie uur geduur. [1)]

Ds. J.R. Albertyn van Riversdal was die eerste persoon wat in 1888 daartoe oorgegaan het om die nagmaal gesamenlik en gelyktydig aan almal in die banke te laat bedien. Hierdie "nuwigheid" is deur baie predikante, onder meer ds. A.I. Steytler en dr. J.J. Kotze as onbybels en ongereformeerd beskou. By die Sinode van 1890 het daar 'n warm debat hieroor gevolg. Alhoewel die meerderheid van die Sinode hierdie nuwigheid nie as onbybels beskou het nie, het die ou manier van bediening egter 'n stadige dood gesterwe. [2)]

Die gebruik van aparte klein Nagmaalskelkies in die Ned. Geref. Kerk dateer uit die jaar 1918 tydens die griepepidemie toe die gesondheidsafdeling van Johannesburg-stad gevra het dat die hou van Nagmaal tydelik opgeskort moes word. Dr. W Nicol van die Irenegemeente het die Nagmaalservies van die Presbiteriaanse buurgemeente vir diè geleentheid geleen. Dit het soveel byval gevind dat sonder 'n rings- of sinodale besluit dit algemene gebruik geword het. [3)] Die ou mense was ook baie lief om die Nagmaal op Paassondag en Kersdag te vier. [4)]

---

1. Smit-lesing.
2. Smit-lesing.
3. Vgl. Meiring, Piet – My buurman se Kerk (1973) bl. 7
4. Smit-lesing.

1.3 DOOP

BY DIE GEBOORTE

Die Kraamvrou wat met 'n veeboer getroud was, is soms slegs deur 'n Hottentotvrou as vroedvrou bygestaan. [1)]

Aan die Kaap is die moeder van die pasgebore kind «gekerk". Hierdie gebruik sluit aan by die kerkgang-gebruik was as openingsgebruik in Nederland gehandhaaf is. Die Kaapse moeder is omstreeks drie weke ná haar bevalling «gekerk". Die handeling het bloot uit 'n besoek aan die kerk bestaan. Tot in die agtiende eeu is hierdie gebruik aan die Kaap gehuldig. Ná die kerkgang het die moeder by haar vriende gaan besoek aflê; sy is sodoende dus weer in die samelewing opgeneem: «Aan die einde van drie weke word hulle (die kraamvroue) gekerk, soos ons sê, en dan kuier hulle oral in die nedersetting rond".

BY DIE DOOPVRONT

Die doop van kinders het nie net op Sondae nie, maar ook op weeksdae, plaasgevind. [2)]

Gedurende die eerste jare, toe die kerk naby die Kaap nog binne die bereik van ons mense was, was dit gebruiklik om 'n kind so gou moontlik ná die geboorte, d.w.s. die eerste Sondag na geboorte, ten doop te bring. Vanselfsprekend kon die moeder dan nog nie teenwoordig wees nie. Die vader het die kind self ten doop gebring en was dikwels vergesel deur een of meer van die doopgetuies of peetouers. [3)]

In die oudste doopformulier staan by vraag 3 aan die ouers: «vader (moeder) en getuie". Eers later en veral op die platteland is die doop uitgestel sodat die moeder ook teenwoordig kon wees. [4)]

---

1. Vgl. Mentzel O.F. Description (V.R.V.) III bl. 25 en 117 by Grobbelaar P.W.. c.s. – Boerewysheid bl. 134.
2. Vgl. Knappert, L. Huiselijk Leven II bl. 99 by Grobbelaar a.w. bl. 139.
3. Smit-lesing.
4. Smit-lesing.

Die plattelanders kon nie altyd pas ná die geboorte hul kinders laat doop nie: «As 'n vrou mettertyd aan 'n kind geboorte gee, word die doop uitgestel tot lank na die bevalling; of dit kan miskien gebeur dat 'n paar weke, maande of jare verbygaan voor die ouers kerk toe reis om die kind te laat doop; die vader tree as peetvader op en die moeder dra die kind na die doopvont". [1)]

Die boere uit die binneland wat selde dorp toe kon kom, het dus soms noodgedwonde kinders wat reeds kon loop, laat doop. In sulke gevalle het albei ouers die doopplegtigheid bygewoon. As die vader nie aanwesig was nie, het dit opspraak in die samelewing verwek. [2)]

DIE DOOPGETUIES

Die aanwys van peetouers is natuurlik 'n geërfde stamlandse gebruik en die Kaapse vorm stem in alle besonderhede met die Nederlandse ooreen.

Op die doopdag het die vader en peetvader saam na die kerk gestap, gevolg deur 'n slavin wat die kindjie dra. Die peetvader het plegtig die predikant se vrae beantwoord. [3)]

Die doopgetuies het as peetouers 'n belangrike rol vervul. Gewoonlik was hulle by die doopgeleentheid teenwoordig en vandaar die benaming doopgetuies. Hul het gewoonlik nie versuim om 'n doopgeskenk, die sg. «pillegift" (pille – peetkind) te gee nie, wat op die platteland meermale uit een of meer stuks vee bestaan het. [4)]

---

1. Vgl. Mentzel Description III bl. 117 by Grobbelaar a.w. bl. 140.
2. Vgl. Mentzel Description III bl. 5 en 122 by Grobbelaar a.w. bl. 140.
3. Vgl. Schotel, G.D.J. Huisgezin bl. 50 en Kolb Beschrijving bl. 169 by Grobbelaar a.w. bl. 140.
4. Smit-lesing.

Onder die Kaapse veeboere is die tradisionele Nederlandse "pillegift" nog verder vervorm. Op haar huweliksdag het die dogter al die aanteel van haar pillegift na die nuwe opstal saamgeneem. Aan dogters is meestal verse en koeie as pillegift gegee, maar nie meer deur 'n peetouer nie – deur haar eie vader. Hierdie Afrikaanse verskil ten opsigte van die stamlandse pillegift moet moontlik verklaar word uit die gebruik dat meisies dikwels nie gelykop met seuns ge-erf het nie. Aan 'n seun is as geboortegeskenk dikwels 'n perdemerrie gegee, ook deur sy vader. Seuns het vroeg behoefte aan ryperde gehad, vir hul daaglikse arbeid, die jag en die harde noodsaak van die lewe. Moontlik het die vader die pillegift gegee omdat peetvaders eenvoudig nie bekom kon word nie. [1)]

Ná die middel van die agtiende eeu was die gee van geskenke by 'n geboorte (of die doop) nie meer 'n algemene gebruik aan die Kaap nie – "ook word nie altyd van die peetouers verwag om pillegiften te gee nie, en die moeder kry geen geskenke na die bevalling nie". Moontlik het die tradisioneel groot huisgesinne asook ander ekonomiese redes hierdie gebruik laat verval. [2)]

Op die platteland was daar geen doopmale nie. Tussen die jare 1705 en 1713 toe Kolb aan die Kaap was, het hy geen doopmale onder die Kapenaars waargeneem nie. "Men weet hier van kindernoch doopmalen en de ouders sijn, door zulke omstandighede, niet tot het maken van werkelijke onkonsten genoodzaakt". Kolb noem ekonomiese redes vir die afwesigheid van die gebruik aan die Kaap. Hierdie erfsede sou egter nie daarom alleen verdwyn het nie, hoewel ekonomiese oorwegings dikwels 'n vername aanleiding tot verval is. Kolb het waarskynlik aan die bevolking op die platteland gedink; onder hierdie koloniste is die doopfees heel verstaanbaar nie in stand gehou nie. Dit was net prakties onmoontlik weens die afgesonderde woontoestande. [3)]

---

1. Vgl. Mentzel Description III bl. 112 by Grobbelaar a.w. bl. 141.
2. Vgl. Mentzel Description III bl. 121 – 122 by Grobbelaar a.w. bl. 141.
3. Vgl. Kolb Beschrijving bl. 271 by Grobbelaar a.w. bl. 143.

Uit die ou doopregisters blyk die
Volgende Interessante Gebruike:

(a) ‘n Groot getal doopgetuies (sewe en selfs meer).

(b) Die vaste patroon wat gevolg is met die gee van die familiename.

(c) ‘n Ander opvallende feit is dat die datum van die doop in die oudste doopregisters aangegee word, maar nie die geboortedatum nie. Dit was eers nadat De Mist in sy Kerkorde van 1804 dit vereis het, wat die geboortedatum ingeskrywe is. [1)]

1.4 DIE HUWELIK

DIE HUBARE LEEFTYD

In die Kaapse samelewing het die meeste pare op besonder jeugdige leeftyd getrou. Dit blyk uit gegewens in die huweliksregisters in die Kaapse Argief. Nie alleen die tradisionele Nederlandse gebruik was hiervoor verantwoordelik nie. Dit is waarskynlik bevorder deur die oorwig van mans; die paar meisies wat die Kaap bereik het, is spoedig in die eg verbind. [2)]

Jong pare kon maklik selfstandig begin boer, en die pionierslewe het tot vroeë rypheid gelei. Vir die boere moes kinderrypheid ook van ekonomiese betekenis gewees het, aangesien die werkkrag van kinders veel goedkoper as dié van knegte en slawe was. [3)]

DIE VERLOWING

Die verlowingsgebruike wat in hierdie tyd in Nederland gegeld het, was verstaanbaar ook meestal op die kolonies van toepassing: «In die kolonien volgde men zoo goed mogelijk de

---

1. Smit-lesing.
2. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 147.
3. Vgl. Hattingh, S.C. Minnespel bl. 13 by Grobbelaar a.w. bl. 147.

gewoonten van het moederland. Zoo vertelt een Zweedsch reisiger ons van de Kaap a. 1773, dat geen kolonist mocht huwen zonder goedkeuring van den gouverneur, dat hij het verzoek kon indien en des Donderdags, dat daarop des Zaterdags aan het paar een orden wordt gegeven voor de Raad, die de verboden graden onderzoekt, waarna de gouverneur beveelt de geboden afte kondigen”. [1)]

In Desember 1676 is egter ‘n huwelikshof onder toesig van die Politieke Raad ingestel om hierdie taak te onderneem. [2)]

Die Huwelikshof moes elke Saterdag vergader en die volgende vrae aan die paartjies stel: hoe oud hulle is; of hulle ouers nog lewe; of hulle hul ouers se toestemming het; of hulle nie verwante van mekaar is nie ( om te waak teen bloedskande); en of hulle vry is om te trou. Niggies en Neefs wat in die huwelik wou tree, moes byvoorbeeld spesiaal die Huwelikshof se toestemming verkry. Daar is verder seker gemaak dat die ouers van albei wel toestemming gee indien hulle nog onmondig was, en dit was gewoonlik die geval omdat mondigwording destyds eers op die ouderdom van vyf-en-twintig jaar plaasgevind het. [3)]

Nadat alles deur die Huwelikshof in orde bevind was, kon die paartjie amptelik verloof raak, en dit is – soos in Nederland – die ondertrouw genoem.[4)]

Hierdie gebruik was ‘n kontrak tussen die man en die vrou, volgens die Romeins-Hollandse reg, en dit was wetlik bindend. Teen die einde van die Nederlandse Tydperk in Suid-Afrika het die ondertrouw verval. [5)]

‘n Onderdeel van die agtiende-eeuse Nederlandse huweliksfees was die commissarismaal, wat ‘n soort inleiding tot die eintlike

---

1. Vgl. De Coning, J A Hofmakery, Bl. 16 by Grobbelaar a.w. bl. 147
2. Vgl. Grove, C J Karoobruilof, bl. 15 by Grobbelaar a.w. bl. 147
3. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 147
4. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 148
5. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 148

huweliksfees gevorm het. Die commissarismaal is só genoem omdat dit gewoonlik gehou is op die aand van die dag waarop die paartjie voor die huwelikskommissarisse verskyn en toestemming tot die huwelik verkry het. Dit is dus op ‘n Saterdagaand gevier. [1)]

In die algemeen was die verlowing onder die boere op die platteland egter iets informeels, omdat dit nog geensins as deel van die werklike huwelik beskou is nie. Geen gelukwensinge is gevolglik deur die ouers verwag nie. ‘n Verlowing is ook eers erken nadat die eerste huweliksgebod in die kerk afgelees was, want dan het die gemeente geweet dat albei ouerpare hul toestemming tot die voorgenome huwelik gegee het, en dat dit ook deur die Kaapse Huwelikshof goedgekeur is. Dan kon vriende miskien na die bruid se ouerhuis gaan om die aanstaande egpaar geluk te wens. [2)]

## DIE HUWELIKSGEBOOIE

Die huweliksgebooie het drie Sondae na mekaar in die kerk “geloop”. Maar, anders as in Nederland, moes ‘n huwelik ook by die naaste drosdy aangemeld word. [3)]

## DIE HUWELIKSBEVESTIGING

Die huweliksbevestiging aan die Kaap het gewoonlik Sondae na die oggenddiens in die kerk plaasgevind. Daar was dikwels meer as een paartjie, en hulle is dan opgeroep om voor die kansel te verskyn. Nadat die predikant die formulier gelees het, het die bruidegom en bruid mekaar se regterhande gevat en die huweliksbelofte afgelê, waarna die predikant die seën oor hulle uitgespreek het. Hiermee was die plegtigheid afgeloop, want die huweliksregister is eers van die dertigerjare van die negentiende eeu af geteken. Ná die predikant se seën, het die paartjies weer hul plekke in die kerk ingeneem en gewag dat die diens beëindig word. [4)]

---

1. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 149
2. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 150
3. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 151
4. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 152

Kolb vermeld dat die trouplegtigheid op die dag van die derde gebod plaasgevind het. Ook Mentzel het opgemerk dat huwelike op die derde Sondag van die huweliksgebooie voltrek is. Hy vermeld dat die paar in die namiddag getroud is, nadat die derde en laaste gebod by die oggendgodsdiens afgekondig is. [1)]

DIE HUWELIKSOPTOG

Op die platteland het ‘n verloofde paar omstreeks die jaar 1735 toe Mentzel aan die Kaap was, op ‘n halftoe ossewa (tentwa) kerk toe gery. ‘n Touleier en drywer het hulle vergesel. [2)] Die beskrywing geld heel waarskynlik vir ‘n huwelik in die buitewyke van Stellenbosch waar Mentzel ‘n ruk vertoef het.

Sommige plattelandse bruidspare het dus op ossewaens gery, terwyl meer gegoedes agt perdewaens gebruik het. [3)] In sulke gevalle was daar nie meer van ‘n huweliksoptog sprake nie, aangesien die rit om by die predikant op die dorp te kom, bloot ‘n praktiese noodsaaklikheid was. [4)]

VERSIERING

Die reisiger Mentzel het ‘n beskrywing van ‘n Kaapse bruidskroon nagelaat. Hy skryf dat dit sonder veel moeite gevleg is, en waar die tradisionele mirte- en palmblare aan die Kaap onverkrygbaar was, is die takke van enige wilde immergroen plant en «zevejaars”-blommetjies vir dié doel gebruik. [5)]
Graham Botha skryf dat die bruidskamer aan die Kaap met blomme versier is. Bokant die roosmaryn van die bruidskamer is groen takkies mirte, lourier of roosmaryn gehang; in hierdie takke is papier- en kunsblomme ingevleg. [6)]

---

1. Vgl. De Coning. Hofmakery bl. 18 by Grobbelaar a.w. bl. 151-2
2. Vgl. Hattingh. Koesinte bl. 13 by Grobbelaar a.w. bl. 153
3. Vgl. Hattingh. Verloof bl. 18 by Grobbelaar a.w. bl 153
4. Vgl. Hattingh. Verloof bl. 13 by Grobbelaar a.w. bl. 153
5. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 154
6. Vgl. Spoelstra, B: Volkslewe bl. 41. Schultz. Opsitkers bl. 12; by Grobbelaar a.w. bl. 154

By ‘n plattelandse bruilof aan die Kaap is daar gekleurde linte as versiering aangewend. Die drywer van die bruidswa se hoed en sweep is met linte opgetooi. Soms is linte aan die osse se horings vasgebind. [1)]

HUWELIKSFEES

In die agtiende eeu het die huweliksfees aan die Kaap op die aand van die huwelik, ‘n Sondagaand, by die bruid se ouerhuis plaasgevind, presies soos die gebruik in die stamland was. In die algemeen was die Kaapse samelewing aan die begin van die agtiende eeu welvarend, met die gevolg dat bruilofte op taamlik groot feestelike skaal kon plaasvind. Die rykdom en stand van die bruid se vader het die aard van die huweliksfees bepaal. [2)]

Aan die Kaap het die strooipaar die bruid en bruidegom op baie maniere bygestaan. Hulle het byvoorbeeld die kranse en die skild gemaak en die bruid se ouerhuis versier. Teen eenuur op die huweliksnag het die bruid se vriendinne haar gehelp ontklee. Onder die veeboere, so vermeld Mentzel, het vriende die nuwe egpaar gehelp om ‘n eie huis te bou, aangesien geen slawe op dié voorposte beskikbaar was nie. Die veeboere het op dié manier ‘n ou Nederlandse gebruik van gemeenskapshulp bly handhaaf. [3)]

Aan die Kaap het ook ‘n openingsgebruik bestaan. Die oggend na die huweliksnag het bure en vriende gekom om die pasgetroude paar geluk te wens. Vervolgens is ‘n maaltyd aan hierdie gaste voorgesit. Daar is soms selfs weer gedans soos die vorige aand, en daarna is die egpaar as lede van die kring van getroudes aanvaar. [4)]

HUWELIKSGESKENKE

Onder die Kaapse veeboere is die oorgeërfde vaderlandse vorm van die bruidskat vervorm sodat dit ook op die bruidegom van toepassing was. Die vader het by sy huwelik aan sy seun ‘n geskenk

---

1. Vgl. Heese, J:A: Worcester bl. 32 by Grobbelaar a.w. bl. 154
2. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 156
3. Vgl. Grobbelaar a.w. bl. 159
4. Vgl. Hattingh S:C: Onder die vierkleur bl. 19 by Grobbelaar a.w. bl. 158

gegee: «As daar geen beswaar gemaak is nie (dit wil sê deur die Huwelikshof) en die huwelik dus gereël was, het die bruidegom se vader soveel tot die huwelik bygedra as wat in sy vermoë was. ‘n Span van ses, agt of tien osse en ‘n wa was ‘n belangrike geskenk”. Hierdeur het die vader sy seun dus in staat gestel om sy eie boerdery op die voorposte te begin. Die veeboer-vader het ook aan sy dogter op gebruiklike wyse ‘n bruidskat in die ware sin van die woord gegee. Aanteelvee, wat hoofsaaklik uit verse en koeie bestaan het, is by haar huwelik aan ‘n dogter geskenk. So ‘n bruidskat kon uit ‘n honderd skape en ‘n paar ramme bestaan. Dié soort bruidskat was ‘n kenmerkende, eiesoortige gebruik net by die veeboere. [1)]

## 1.5 BEGRAFNISSE

Op die afgeleë platteland was daar nie sprake van besondere formaliteite by sterfgevalle nie. Die predikant of landdros moes net dadelik van ‘n sterfgeval verwittig word. [2)]

### DIE BEGRAFNISBRIEFIE

Dit was gebruiklik dat die koster – netjies uitgevat met steekhoed, kort broek en lang sykouse, swart manel en lae skoene met silwer gespes – met die begrafnisbriefie van huis tot huis gaan om «u edele en zoons” na die plegtigheid uit te nooi. Slegs manspersone het destyds die teraardebestellings bygewoon. Vroue het wel later die lykdiens in die kerk bygewoon, maar nie «agter lyk” gegaan nie. [3)]

### ROU- EN KLEREDRAG

Slegs swart klere was destyds betaamlik vir begrafnisse. Swart lanfers het van die draers se pluiskeile tot op hul heupe gehang, terwyl elkeen swart handskoene gedra het. [4)]

---

1. Vgl. Grove. Karoobruilof bl. 15 by Grobbelaar a.w. bl. 158
2. Mentzel Description III bl. 120 by Grobbelaar a.w. bl. 164
3. Smit-lesing
4. Smit-lesing.

Swart, asook wit, is in dié tyd as roukleure aan die Kaap gedra – net soos in die stamlande. [1)]

Aan die Kaap in die agtiende eeu het geen vasgestelde routyd bestaan nie. In sommige gevalle is die routyd nogtans op ‘n jaar vasgestel. Vir die eerste ses maande is daar «swaar” gerou, daarna is «ligte” rougewaad aangetrek. Nege maande ná die dood van haar man kon ‘n Kaapse weduwee hertrou. ‘n Kind se huwelik is gewoonlik tot ses maande ná die dood van ‘n ouer uitgestel.[2)]

Die doodkis was gehul in ‘n eenvoudige swart lakenkleed, sonder ‘n enkele blomkrans. Blomkranse is ‘n Engelse gebruik wat eers later in gebruik gekom het. [3)]

BEGRAFNISDIENS EN TERAARDEBESTELLING

In die sewentiende eeu is die Nederlandse hoëlui in die aand begrawe. [4)] Ook aan die Kaap – tot die helfte van die agtiende eeu – het begrafnisse soms nog in die aand plaasgevind. Fakkels is deur mense in die stoet gedra, maar omdat die gebruik brandgevaar vir die Kaapstadse grasdakhuise ingehou het, is dit deur die owerheid verbied. [5)] Hier is die oorgeërfde gebruik dus weens landsomstandighede gewysig. Voortaan moes alle begrafnisse gedurende die dag plaasvind. Lykdienste was vroeër nie gebruiklik nie. [6)]

Aan die Kaap was daar maar min seremonies by die graf. Bowendien was predikante skaars. Die lang Nederlandse lykrede aan die Kaap het ook verval. Nadat die kis in die graf neergelaat was, het die omstanders volgens die ou gebruik ‘n paar handevol grond daarop gegooi (die stof wat tot stof wederkeer, volgens die Christelike geloof), en dan het die grafgrawer die graf opgevul. [7)]

---

1. Grobbelaar Swartland bl. 165
2. Mentzel Description II bl. 123 Grobbelaar a.w. bl. 18
3. Smit-lesing
4. Vgl. Hofdijk, W.J. Voorgeslacht bl. 189 by Grobbelaar a.w. bl.171
5. Vgl. Botha C.G. Social Life bl. 66 by Grobbelaar a.w. bl. 171
6. Smit a.w.
7. De Kock: Die Huisgenoot 5.11.37 bl. 23 by Grobbelaar a.w. bl. 176: en Botha Social Life bl. 104

Die Kaapse plaasbegrafnisse was nóg armer aan seremonies. Meestal is boere deur familiebetrekkinge begrawe, gewoonlik omdat die dienste van predikante nie verkrygaar was nie. Mentzel skryf soos volg oor toestande op die platteland omstreeks 1745. «Die oorledene word, indien die mense nie te ver van die kerk af woon nie, na Kaapstad gebring en begrawe, of na Stellenbosch, Drakenstein of Swellendam. Diegene wat egter op verafgeleë plekke gesterf het, word op hul plase begrawe. Die grafte moet diep genoeg gegrawe wees en word met groot klippe bedek. Op die platteland is die begrafnisgebruike en –seremonies net so min in die mode as swaar en ligte rou". Die diep grafte en klippe was natuurlik bedoel om aasdiere weg te hou. [1)]

DIE DRAERS

Draers het gewoonlik 'n half-uur voor die tyd by die sterfhuis byeengekom. Daar het hulle hul lanfers en swart handskoene, asook 'n muntstuk as vergoeding ontvang, terwyl hul boonop op wyn en koek getrakteer is. [2)]

RANGORDE IN DIE LYKSTOET

In die opstel van die lykstoet moes sorg gedra word dat, veral die rouklaers, volgens hul rang en status in die samelewing geplaas word. [3)]

ROUKLAERS

In daardie dae is mense spesiaal gehuur om by 'n begrafnis rou te bedryf. Van hulle is verwag om openlik soveel verdriet as moontlik te toon. Daar was twee soorte rouklaers: «Die Huilebalken" en die «Tropsluiters". Laasgenoemde het gewoonlik paarsgewyse die agterhoede van die stoet uitgemaak. Omdat daar 'n bygeloof was dat die persoon wat heel agter in die stoet loop die eerste sou sterf, het die tropsluiters gedurig plekke verwissel om sodoende die risiko sover moontlik te verminder. [4)]

---

1. Mentzel: Description III bl. 117 – 118 by Grobbelaar a.w. bl. 176
2. Smit-lesing
3. Smit-lesing
4. Smit-lesing

BEGRAAFPLAAS

Die oudste dode-akkers was binne die ringmuur van die kerk (vandaar kerkhof). Daar was ‘n tyd dat lyke selfs binne-in die kerk begrawe is. [1)]

Verder was dit ‘n algemene gebruik aan die Kaap, in die sewentiende eeu, veral, om lyke so naby as moontlik aan die kerk te begrawe ten einde te verseker dat hulle veilig (teen die bose) sou wees, en dat hulle siele rus sou vind, omdat die lyke op geheiligde grond (kerkgrond) ter aarde bestel is. Die algemene gedagtegang aan die Kaap in dié verband vertoon groot ooreenkoms met die Nederlandse van dieselfde tykperk. [2)]

Aan die voet van Tafelberg is ‘n begraafplaas afgesonder waar boere begrawe is. Hier naby het die koster se huis gestaan. Reeds in die sewentiende eeu is ‘n aparte kerkhof vir matrose, soldate en vreemdelinge wat aan die Kaap gesterf het, aangelê. Die begraafplaas het as die vreemdelinge-begraafplaas of matrosen kerhof bekend gestaan. Vroeg in die agtiende eeu besluit die Politieke Raad om ‘n nuwe matrosen kerkhof aan te lê en die oue tot niet te maak omdat dit te midde-in die groeiende dorp geleë was. As gevolg van die pokke-epidemie van 1755, moes ‘n volgende begraafplaas aan die huidige Grafstaat – vandaar die naam – aangelê word. Ook private grafkelders word deur gegoede burgers weg van die kerk opgerig. ‘n Grafkelder is byvoorbeeld by Saasveld in Kloofstraat, Kaapstad aangelê omdat die kerkhof van die kerk oorvol was. [3)]

GRAFSTENE EN GRAFTE

Die vaderlandse gebruik om grafstene op te rig, is dus aan die Kaap gehandhaaf. Ook is rouborde in die kerk aangebring, ensovoorts. Op die grafsteen verskyn gewoonlik die naam, stand, geboorte- en sterfdatum, die lewenswerk, die familiewapen, en aan die kante allerlei versierings in die modestyle van die tyd. Die meeste ou

---

1. Smit – lesing
2. Botha: Social Life bl. 20 by Grobbelaar a.w. bl. 172.
3. Leibrandt H.C.V. Rambles bl. 151 by Grobbelaar a.w. bl. 174.

Grafskrifte is egter verlore. Ons kan tog aanneem dat hulle ooreenkoms met die tydgenootlike stamlandse vorms vertoon het. Plaasgrafte was – soos ons gesien het – uiters eenvoudig, bloot met ‘n paar klippe bedek om die hyenas en ander aasdiere weg te hou. Uit praktiese oorwegings is dus ‘n nuwe gebruik geskep. [1)]

DIE BEGRAFNISMAAL

Tot vandag toe staan geelrys met rosyntjies bekend as begrafnisrys. Dit herinner aan die tyd toe daar ná afloop van die begrafnis ‘n weelderige begrafnismaal aan die sterfhuis gegee is. By sulke geleenthede is die begrafnisganger ryklik getrakteer op die smaaklikste kossoorte, geregte, om nie te praat van die beste wyne nie! Veral die vooraanstaandes het met mekaar gewedywer, sodat die owerheid in 1753 met praalwette moes ingryp om paal en perk aan hierdie duur en swierige begrafnisse te stel. [2)]

1.6 DIE BYBEL EN ANDER GODSDIENSTIE BOEKE

Al was boeke skaars op die platteland en al het die boere nie gelees nie – het nagenoeg elke familie ten minste ‘n Bybel besit. In 1820 skrywe Mary Moffat, die vrou van die beroemde sendeling, uit Beaufort Wes aan haar ouers: “I think I never saw so many finelooking Bibles in my life as since I came to Africa. They seem to have a particular pride in them”. [3)] Naas die massiewe Statebybel, wat met die grootste sorg opgepas is, kon daar in die meeste huise ook die gesange van Willem Sluiter, die Heidelbergse Kategismus en die kortbegrip van Helmbroek aangetref word. Sommige families het ook nog een of ander predikasieboek besit. Die bekendste hiervan was die “Donderslag der Goddelozen”.

---

1. Leibrandt. H.C.V. Rambles bl. 182 by Grobbelaar a.w. bl. 181.
2. Smit-lesing.
3. Moffat: The Lives of Robert and Mary Moffat, p.74 by van der Merwe a.w. p. 247.

1.7 KERSFEES EN NUWEJAAR

"The colonists do not keep Christmas but everyone goes about his business as usual, but New Year's day is thus far kept as a holiday that on this day neighbours visit each other" [4]

2. VEEPLASE EN VEEBOERDERY

Die leningsplaas stelsel het sonder 'n spesifieke datum vir die stelsel van weilisensie ontwikkel. [1] Daar was geen opmeting van plase nie, maar met verloop van tyd het onder die boere die opvatting ontstaan dat 'n leningsplaas onder ordonnasie weiregte op 'n sirkelvormige stuk grond verleen met die opstal as middelpunt en 'n halfuur stap, d.w.s. 3 000 treë as straal, 'n leningsplaas het dus die grootste van ongeveer 2522 hektaar (2945 morge) gehad. [2]

By die aansoek om 'n leningsplaas het die boer vir hom 'n Plaas uitgesoek, 'n baken gesteek op die plek waar hy die opstal wou oprig en 'n versoek tot die regering gerig, om die plaas onder ordonnansie verleen, en dit dan by voorbaat gaan bewoon. Die boer kon daarop reken dat sy versoek nie geweier sou word nie, mits dit nie met die reeds verleende weiregte gebots het nie.

Aangesien die regering nie oor die administratiewe mag beskik het om die onwettige okkupasie van onuitgegewe grond te belet nie, sou die boer in elk geval maar tog die grond gebruik het en dit het veroorsaak dat die regering sy rekognisie gelde verloor het. [3]

'n Leningsplaas het dus geen duidelike aanwysbare vaste grens gehad nie.[4] Die minimum afstand tussen leningsplase is vanaf die begin van die 18de eeu bereken as een uur se stap. [5] By die ondersoek van besware teen die uitreiking van nuwe plase is nie slegs op die afstand

4. Thunberg – Travels Volume 11 p.96
1. vgl. Van der Merwe, Trekboer p. 131
2. vgl. Theal Records Viii p. 430 by van der Merwe a.w. p. 98
3. vgl. Van der Merwe a.w. p.45
4. vgl. Van der Merwe a.w. p.84
5. vgl. Van der Merwe a.w p. 87-91

gelet nie maar ook op die toestand van die water en die geaardheid van die weiveld en die ligging van ander bure in die nabye omgewing. Daar was geen vereiste maksimum afstand tussen plase nie. [6] Die gemiddelde afstand tussen plase aan die einde van die 18de eeu was volgens Barrow 2 uur.

Leningsplase kon nie onderverdeel word nie daarom moes die seuns ‘n ander heenkome vind. [7] Wanneer ‘n plaas se ordonnansie oorgemaak is aan ‘n ander boer is die opstal verkoop aan die volgende ordonnansie houer terwyl die grond die Kompanje se eiendom gebly het. Van die begin af is die eiendomsreg van die ordonnansie houer op verbetering erken. [8] Vanaf 1714 word ‘n jaarlikse rekognisie op-gehef. Die rekognisiegelde vir leningsplase was 24 Rd per jaar. [9]

By die afstigting van die Landros en Heemrade van die nuwe distrik bepaal dat wanneer aansoek gedoen word vir ‘n nuwe plaas op ordonnansie moet ondersoek ingestel word of sodanige plaas sonder werklike nadele uitgegee kan word. ‘n Spesifieke verlaring tot dien effekte moes dan aan die Goeweneur voorgelê word voordat hy goedkeuring verleen om die plaas op lening uit te gee. [1]

In 1813 is die erfpagstelsel ingevoer. ‘n Boer wat grond in erfpag wou hê, het self sy plaas uitgesoek, ‘n versoek daarvoor aan die regering opgestuur en in die verwagting dat die grond uiteindelik aan hom toegeken sou word, dit dadelik geokkupeer. Teen die tyd dat die grond eendag geïnspekteer en opgemeet is en sy versoek deur die owerheid behandel is, het hy op grond van die voorafgaande bewoning en bewerking alreeds sulke sterk aanspraak daarop gehad dat sy rekwes (versoek) beswaarlik geweier kon word. [2]

---

6. vgl. Van der Merwe a.w. p87-91
7. vgl. Van Schoor M.C.E. Senior Geskiedenis vir SA Skole p344
8. vgl. Van der Merwe a.w. p114
9. vgl. Van der Merwe a.w. p237
1. vgl. C80 Resolusies 4.3.1793 p64 e.a. by van der Merwe a.w. p113
2. vgl. Van der Merwe a.w. p46

Volgens die Engelse regering se ewige erfpagstelsel kon eienaars van leningsplase wat daarom aansoek doen soveel grond as wat hulle voorheen in lening besit het in ewigdurende erfpag ontvang. Die maksimum grootte van die plase is op 3 000 morge gestel. [3)]

Aan die begin van die 19de eeu was daar baie bywoners op die plase met die oog op beskerming teen barbare en wilde diere. [4)]

3. <u>BEHUISING</u>

In streke van jonger vestiging is eenvertrek-huisies algemeen aangetref. In 1778 vertel O.G. de Wet dat die huise in die Sneeuwberge «meest allen bestaan in een enkeld laag gemuurd vertrek, zonder afzonderingen zijnde met een zoort van grof riet ondight gedekt, welk vertek tevens tot koornschuur en berging van andere goederen is dienende."[1)] Woningstoestande in Camdebo – toe ook nog maar pas gekoloniseer – was destyds nie veel beter nie. Die beskrywing daarvan wat in die dagverhaal van Swellengrebel se reis voor kom, vorm beslis nie 'n aantreklike beeld nie. Die gemiddelde huis in Camdebo bestaan «uit eene muur van klei, 3 tot 4 voeten hoog opgetrokken, daarboven een dak van riet, gene verdeeling in kamers, zonder schoorsteen, trekkende de rook een gat in't dak, een deur van fluitjiesriet met een touw vastgebonden, een vierkant gat tot een vengster. De bedsteeden van elkaar gescheiden door een Hottentots- matje, dus de bedlegering vry gesellig is! De vloer van klei gemengd met mest, hierop staat alles onder een: boter, karn, vers geslagt vee, brood, etcetera, terwyl hoenders, eenden, jonge varkentjes als in een menargerie onder een lopen, en zelfs de duiven tegen het dak nestelen….. In deze schuren, die kwalijk 40 voeten lang en 15 breed waren, hielden op sommige plaatsen twee tot drie huisgezinnen met hunnen kinderen huis. De zindelijkheid was dus niet groot….Ik heb maar twee huizen gevonden, die ordentlijk opgebouwd waren en daar het zindelijk dog vry verre van weelde was."[2)]

---

3 en 4 vgl. Van der Merwe a.w. p102 en 48.

1. vgl. Ryksargief, Den hag, Aanwinsten 1914 (v. Plettenberg Versameling Nr. 28) by van der Merwe a.w. p212
2. vgl. Swellengrebel Familieargief by van der Merwe a.w. p212

Teen die end van die 18de en die begin van die 19de eeu was die gewone tipe plaashuis, in die binneland selfs in streke van ouer vestiging, volgens moderne begrippe maar baie klein en ongerieflik. Gewoonlik was dit sowat 30 to 40 voet lank en ongeveer 20 voet breed. [3] Die eerste vertrek wat die reisiger binnegekom het, was 'n betreklik ruim en lugtige voorhuis. Aan weerskante daarvan was twee kleiner vertekke wat as slaapkamers gedien het en deur binnemure wat tot aan die begin van die spits dak gereik het, van die voorhuis afgeskei was. Heel dikwels het die voorhuis as sitkamer, eetkamer en kombuis diens gedoen, maar die beter klas plaashuis het darem gewoonlik 'n aparte kombuis gehad. Dit was in die reël agter die huis gebou en deur 'n deur met die voorhuis verbind. Soms is daar in 'n buitekombuise gekook wat naby die woonhuis opgerig was. [4]

In die grensdistrikte moes die boere hulle met nog slegter behuising tevrede stel. Hier het huise dikwels net uit twee vertrekke bestaan. Een het as sitkamer, eetkamer en kombuis gedien. Die ander is as slaapkamer vir die hele gesin en as pakkamer gebruik. 'n Vrykamer was daar nie. Verdwaalde reisigers moes met 'n hoek van die voorkamer tevrede wees. En dikwels het 'n aantal Hottentotte in die ander hoek van die vertrek rondom die vuur geslaap, terwyl katte, honde en selfs hoenders die geselskap nog verder aangevul het. [5]

Vloere van planke of van vierkantige Javaanse steen – wat dikwels naby die Kaap aangetref is – was in die binneland nie te vind nie. Tot die tyd van die Groot Trek was grondvloere algemeen op die platteland. Hiervoor is miershoop gebruik, maar waar dit nie te kry was nie, moes gewone klei die plek daarvan inneem. Dit het ook 'n goeie vloer gemaak as dit net behoorlik vasgestamp was. Om so 'n vloer hard te hou en te verhoed dat die uittrap of stowwerig word, is dit daagliks

3. vgl. Lichtenstein I p.167 Godee Molsbergen: Reizen II p.182 vlg. Van der Merwe a.w. p.210-211
4. vgl. Pruisiese Staatsbiblioteek Berlyn Mss. Germ. Fol. 879, J.A. de Mist: Reisverhaal (1803) p.358, vgl.van der Merwe a.w. p.210-211
5. vgl. Masson: Account 1773 p.299; Sparman I p. 149 en 322; Lichtenstein, IP. 168; Barrow, II p.401 by van der Merwe a.w. p.210-211

met beesmis – verdun met water- gesmeer. Dikwels is die vloere verder met vel-matjies bedek wat in die omstandighede nogal goeie tapyte was. Die reisiger wat aan beter gewoond was, het soms in die begin die misvloere 'n bietjie vreemd gevind, maar heel gou is hy van die doeltreffendheid daarvan oortuig. Selfs kommissaris-generaal De Mist, so pas uit die deftige Holland, het later die misvloere aangeprys. "Zij waaren geduurede onze landreize aan deeze vloeren zodanig gewoon geworden, dat de ondervinding van derzelver nuttigheid in dit climaat, ons dezelve boven de schoonste asiatische of Europeesche tapijten zou hebben doen verkiezen,"[1] skrywe hy in sy interessante reisverhaal.

Sinkdakke van vandag was teen die begin van die 19de eeu nog nie in die binneland bekend nie. Huise is toe dikwels met strooi gedek, maar baie maal ook met riete, matjiesgoed of ander struikgewasse. Dit het gerus op 'n raamwerk van hout of bamboes en is met leerriempies vasgebind. Solders was daar gewoonlik nooit, sodat die dak van binne sigbaar was. Die hanebalke is gebruik as hangplek vir varsgeslagte skape, biltong en mieliekoppe, tabak en allerlei huishoudelike artikels. Op die binnemure, wat nie altyd tot aan die dak gereik het nie, het die huisvrou haar seep gepak. [2]

Om glas oor ongebaande weë en ongemaakte bergpasse met ossewa te vervoer, was byna onmoontlik. Gevolglik het glasvensters na die binneland seldsamer begin word. Nog dieper die binneland in het

---

1. Pruisiese Staatsbiblioteek, Berlyn: Mss. Germ. Fol. 879: JA De Mist'n Reisverhaal p. 353 en 355 Bunbury 1839, p.181 Pringle: African Sketches 1834, p.176: Thompson 1823 p.82: Lichtenstein, I p.169 Thunberg I 1773, p.256; Sparman, I 1775, p. 149 by van der Merwe a.w. p.212-213.
2. vlg. Pruisiese Statbiblioteek, Berlyn; Mss. Germ.Fol. 879; JA de Mist; Reisverhaal p. 357; Paravincini die Chapelli: Reizen: Godee Molsbergen: Reizen, II p. 182 Augusta de Mist: Reisverhaal p.95; Barrow, I,p.77 en 78; Pringle, p. 175: Smith: South Africa Delineated, p. 16 by van der Merwe a.w. p.215.

'n mens dit glad nie meer aangetref nie, behalwe miskien by enkele baie ryk boere. [3] Die vierkantige gate wat in die mure laat bly is om lug en lig in te laat, is by gebrek aan die nodige planke toegemaak met wat te kry was. Soms is 'n raampie waaroor wit linne gespan is, gebruik, soms het 'n stuk ongelooide vel die werk gedoen. [4] Hierdie toestand van sake kon teen die tyd van die Groot Trek nog in die noordelike grensdistrikte aangetref word.

Boerehuise nader aan die kus, selfs die huise op die oostelike grens, het egter, teen 1838 al glasvensters gehad. [1]

Waar seisoentrekke gereeld plaasgevind het, is dit te begryp dat 'n boer nie groot moeite sou doen om 'n goeie huis op sy woonplaas te bou nie, aangesien die familie dit gedurende 'n deel van die jaar tog nie bewoon het nie. In Paravicini di Chapelli se reisverhal word die volgende aanmerking gemaak nadat die geselskap die plaas van commandant Johannes van der Walt langs die Seekoeirivier besoek het: «Het is zonderling te zien, wanneer iemand een talrijke kudde zo runderen als schapen heft, enzicht dus aller bekrompendst moet behelpen; evenwel zijn deze lieden aan dit trekkend leven (dat sij jaarlijks om de weide moeten doen) zondanig gewoon, dat sij daarin gene gemissen of last vinden." [2]

4. <u>HUISRAAD, MEUBELS EN EETGEREI</u>

By die boere in die binneland kon af en toe 'n paar stukke ordentlike huisraad aangetref word, maar in die reel was die boerewoning maar skraal van meubels voorsien. [1] Wat daar was, het van die Kaap op 'n wa saamgetrek of is op die plaas self gemaak. In die voorhuis sou daar

3. vgl. Pruisiese Staatsbibilioteek, Berlyn: Mss. Germ.Fol.879: Demist: Reisverhaal, p. 357; Burchell, I. p. 198; by van der Merwe a.w. p.218
4. Pringle, p. 176; Burchell, I. p.237; Barrow, I,p.84. by van der Merwe a.w. p.215.
1. Vgl. Pringle, p.176 (1834); Bunbury: Journal, p. 181 (1838) by van der Merwe a.w. p.215.
2. Vgl. Paravicini di Chapelli: Reizen (Ms in Koloniale Biblioteek, Den Haag) by van der Merwe a.w. p.220.
1. Vgl. Swellengrebel Familieargief, Verhaal van Swellengrebel se reis (1776); Stout; The Cape and its Dependencies (1796), p.lol; Thompson: Travels, II, p.82; Thunberg, I.p.256: Masson,p.188, by van der Merwe a.w.p.220.

darem ten minste een of twee tafels en ‘n paar stoele en bankies, met of sonder lening, waarvan die sitplekke met leer oorgetrek of met riempies gemat was, gestaan het. Minderbevoorregtes moes egter dikwels met ‘n wakis instede van ‘n tafel tevrede wees en met ‘n paar eenvoudige veldstoeltjies klaarkom. [2) ] ‘n Buffet is byna nooit in die voorhuis aangetref nie. Nisse in die mure het gewoonlik die plek daarvan ingeneem. Self in sulke armoedige omstandighede het sindelikheid egter nie noodwendig ontbreek nie. [3)]

Tafelkleedjies en servette was nie orals op die platteland in die mode nie. Messe, vurke en lepels was in die reël maar skaars. In verafgeleë dele is sakmesse, wat in die ou dae meestal “herneuters” was, taamlik algemeen aan tafel gebruik. Hierdie messe is deur die volk op die Hernhutter-sendingstasies gemaak. Dit was gewoonlik sewe of agt duim lank, het ‘n hef van vier of vyf duim gehad, en is in ‘n skede aan die gord gedra. Dikwels is veronderstel dat ‘n besoeker of reisiger sy eie mes sou hê, en is daar net vurke langs die borde neergelê. [4)] Af en toe is egter in die binneland silwer tafelgereedskap gesien. Ryk boere het soms ook skottelgoed van aardewerk of goeie porselein besit, maar dit het nie veel voorgekom nie. Teen die tyd dat porselein die grensdistrikte bereik het, was dit meestal al gebreek of gebars. Die “breekgoed” van die grensboere het meestal uit ontbreekbare dinge bestaan. Skottels was dikwels van hout. Borde was van tin – nie blik nie, maar suiwer tin, wat gesmelt en tot ander voorwerpe gegiet kon word of met lood gemeng kon word om die koeëls harder te maak. Koppies en pierings is nie soveel gebruik nie. Ronde kommetjies van aardewerk het die plek daarvan ingeneem. Voorts het die boere teen die tyd van die Groot Trek groot koperbekers gehad wat ‘n pond sterling stuk gekos het en vir altyd gehou het. [5)]

---

2. Pruisiese Staatsbiblioteek, Berlyn, Mss. Germ. Fol. 768, de Mist; Reisverhaal (1803) p.455; Swellengrebel Familieargief; Verhaal van Swellengrebel se Reis; Howison: Eropeen colonies, I.p.344(1834); Burchell, I.p.198 (1811); Barrow, I,p.77 en II p.420: Augusta de Mist, Reisverhaal, p.95: Lichtenstein, I pp.119, 178 en 371; Percival; Account of the Cape, p.216 (1804) by van der Merwe a.w. pp.224 en 225
3. Lichtenstein, I p.168 by van der Merwe a.w. p.225
4. Sparman, II, p.593:Thompson, II p.117: Burchell, I, p.249: Barrow II p.240. Herinneringe van L C de Klerk (Voortrekkermense I p.257) by v.d.Merwe a.w. p.225

In die slaapkamers van sommige boerewonings het daar ouderwetse ledekante met hoë kappe en gordyne gepryk, wat netjies met sagte verebeddens, wolkomberse en gestikte spreidekens opgemaak was. Die gewone soort katel was egter baie eenvoudiger. Meestal het dit net bestaan uit ‘n vierkantige raamwerk van hout wat op vier pote van omtrent twee voet hoog gerus het. Die mat was meestal van strokies leer, hoewel gevlegte bindrottang ook soms daarvoor gebruik is. Velkomberse was baie gewild. Soms was daar ekstra beddens en beddegoed vir reisigers, maar dit het ook voorgekom dat hulle op matjies op die grond moes slaap, met hul jasse oor hulle en hul saals onder hul koppe. [6)]

5. VOEDSEL EN EETGEWOONTES

In die binneland was vleis in die ou dae die hoofdis. Veral in gebiede waar pioneers pas ingetrek het, was brood en groente meestal skaars. Selfs waar tuinbou en saaiery moontlik was, was die bewerking van die grond uit die kwessie, solank die pioneers nog ongevestigd was en agter wild en weiveld rondgetrek het. Daarby was die eerste intrekkers in ‘n nuwe pioniersgebied dikwels arm. Hulle het meestal na die grense getrek net met hul waens, geweers en ‘n klompie vee, en dit het soms lank geduur voordat hulle ‘n ploeg kon bekostig. [1)] Hulle het meestal nie geld gehad om koring te koop nie, gevolglik het die veebouer-jagters op die grense van die Kolonie in die 18de en 19de eeu, in plaas van brood dikwels maar gedroogde maer wildsvleis saam met hul vet skaapvleis geëet.[2)] Eers ‘n aantal jare nadat die boere vir die eerste keer ‘n nuwe gebied binnegetrek het en gevestigde toestande ingetree het, het brood weer by hulle daaglikse voedsel geword. Hierdie ontwikkelingsgang het ongeveer alle pioniersgebiede deurgemaak. [3)]

---

5. Sparman, II p.593: Thompson II, p.142: Percival; An Account p.216: L.C. de Klerk, a.w. pp.250, 251 en 254. By v.d. Merwe a.w. p.226.
6. Pruisiese Staatsbiblioteek, a.w., Fol. 879, J A de Mist; Reisverhaal, p. 358: Lichtenstein, I. p.199 Burchell, II.p.123: Barrow II p.401: Sparman, I, p.149: Bunbury p.181: Pringle: South African Scketches, p.202: Mentzel II p. 174. By v.d. Merwe a.w. p.226.

1. Vgl. C316 Memrien, Raporten etc. Burger Memorie 17.2.1784. By v.d.Merwe a.w. p.226,7.

Dit het gevolglik voorgekom dat ‘n reisiger op die grense soms dae lank geen brood of groente kon vind nie. Hiervan getuig die dagverhaal van Swellengrebel se reis (1776). Van die plaas van Willem Prinsloo naby Bruintjieshoogte het die terugreis al langs die oostelike grens en vervolgens langs die kus na die Kaap gegaan. Op die plaas van P Buys langs die Swartkopsrivier het die reisgeselskap vir die eerste keer nadat hulle Willem Prinsloo se plaas verlaat het, weer besaaide land gesien. Op 18 November 1776 het die geselskap gelukkig van ene Potgieter brood, botter en groente gekry, nadat hulle van die begin van die maand sonder hierdie weelde-artikels moes klaarkom.

‘n Paar dae later (30 November) word die volgende aantekening in die dagverhaal gemaak: «In de vlakte tusschen de heuvels van de Lange Kloof en het Kamnasie gebergte eindigt liggen nog verscheiden plaatsen, de meesen 3 a 4 uren van elkanderen, doch daar men, zoo als getuigd wordt en ik zelf aan het warme bad ondervonden heb (men had van de maand April af geen brood gehad) den meesten tijd geen brood heft en vleesch tot vleesch moet eten. De langdurige droogtens, waardoor het land niet vroeg kan worden geploegd en bezaaid, maken hier, in deze binnenvelden vooral, de korrn-bouw zeer moeijelijk: doch ik denke tevens dat het hier veel aan ijver hapert: want schoon iedere plaats zoo niet aan eene groote rivier, ten minste aan een klein riviertje of beekje ligt, en er dus togt zoveel vochtig terrain als tot eene tuin nodig is, te vinden is, weet men hier weinig van groentens: zelf was het hier omtrent zeer schraal gesteld in die Lange Kloof, daar overvloed van water is, en men fatsonlijker denkt te leven.

---

2. Vgl. Mentzel II, pp. 13 en 95. By v.d. Merwe a.w. p.227. Vgl. C571 Uitgaande Brieven: Goewerneur v.d Graaff-Patria, 19.4.1786, pp. 527-28 by v.d. Merwe a.w. pp. 14 en 227.
3. Vgl. Metze, II, pp.19,95,341. Pringle, p.177: Stout: The Cape Coleny and its Dependensies, p. 113: Allamand en Klockner: Nieuwste en Beknopste Beschrijving, p. 87 by v.d.Merwe a.w. p.227.

Geen vertier wegens het zware transport van koorn, hebbende, legd men zich alleen toe op de veefokkerij (veeboerdery ) en vervalt ongevoelig in een Herders, dat is, lui leven, hoe verder men van de hoofdplaats komt, hoe meer dit gewaar wordt in die meeste kolonisten. [1)]

Ongetwyfeld het bepaalde tipes pioneers betreklik onverskillig teenoor die bewerking van die grond gestaan, maar in hierdie opsig is daar in die verlede ookal heelwat oordrewe. Barrow verklaar byvoorbeeld dat die Boere selde brood geëet het. [2)] Oor Graaff-Reinet vertel hy die volgende: "The Boors of this district are entirely graziers; few attempting to put a plough or spade in the ground, except in Zwartkops Bay, or in some parts of the Sneeuwberg, preferring a life of complete indolence and diet of animal food to the comfort of procuring a supply of daily bread, and a few vegetables, by a very trifling degree of exertion. In Sneeuwberg, indeed, the depredatons of the locusts are discouraging to the cultivator, as odds are great he reaps nothing, while this devouring insect remains in the country." 3)

Hierdie voorstelling van sake kon onmoontlik heeltemal juis gewees het, want kort na Barrow het goewerneur Janssens wat ook 'n tyd saam met Johannes Petrus van der Walt was, 'n uitgebreide reis deur die kolonie gemaak en hy verklaar: "…..In de streeken waar Barrow zeijd, dat de bewoonderen door luiheid en andere oorzaken geen brood eaten, ik er overall brood en wel bijzonder goed, heb aangetrokken; niet dat dit toen een extra voor den Goewerneur was, de ingezetenen gebruiken het alomme; de Commissaris Generaal, laater reisende en in gedeeltens van de volkplanting geweest zijnde die door mij niet waren bezogt, heeft mede alomme daar bewoonderen waren, brood aangetroffen." [4)]

---

1. Vgl. Swellengrebel; Dagverhaal (1776). By v.d. Merwe a.w. p.228.
2. Vgl. Barrow II, p.78-79: Howison, I, p.343. by v.d. Merwe a.w. p.228.
3. Vgl. Barrow II, p.371. by v.d. Merwe a.w. p.228,9.
4. Vgl Ryksargief, Den Haag, Kol. Arch.4375: J W Janssens-Asiatiese Raad, 8.1.1805 p. 275. by v.d. Merwe a.w. p.229.

Janssens het weer die teenoorgestelde fout begaan. Sy verklaring wek ‘n indruk wat te rooskleurig is, want brood was inderdaad soms skaars op die platteland. Die waarheid skyn te wees dat die ou boere orals waar hulle al ‘n tyd gevestig was, oor die algemeen nogal moeite gedoen het om tuine en landerye aan te lê, maar dat hulle nie altyd baie sukses met hulle ondernemings gehad het nie. Dit blyk duidelik uit ‘n brief van landros Stockenstrom, van Graaff-Reinet, wat ongetwyfeled op hoogte van sake moes gewees het. In 1810 skrywe hy: “None of the inhabitants, who have places which will admit of it, neglect growing as much corn and barley, or caltivating as many vines and fruit trees, as they require, not only for their own use, but also for supplying the wants of those neighbours, whose places either do not contain land which will grow such produce, or do not possess the advantage of a command of water; these persons, however, are even often disappointed in their crops, owing either to the rains falling late or to the whole crop being destroyed by locusts, which I have seen happen five years successively.” [5)]

Stockenstrom se berig word ondersteun deur ‘n verklaring van C H Olivier, ‘n slagter van Graaff-Reinet, wat deur die veehandel die distrik goed geken het. Hy is in 1826 gevra waarop die boere lewe. Sy antwoord was: “Meat and milk. Many of them have not tasted bread for six years. They used to get meal from the corn farmers, but these now rather prefer to sell their grain to the troops of the Frontier for money, than to barter it for cattle. They try to grow corn every year, but unless there is rain in January and February, the crop is burnt up, and the seasons have been very bad.” [1)] In baie ander dele van die Kolonie was dit nie juis beter gesteld as in Graaff-Reinet nie. Dikwels was saaiery in die skaapwêreld weens slegte reënval of gebrek aan leiwater en bougrond heeltemal onmoontlik. Boere in sulke streke moes dan maar sonder brood klaarkom as hulle geen geld gehad het om meel te koop nie.

---

5. C.O. 100 Graaff-Reinet: A Stockenstrom, Kol. Sekr. 7.12.1810; Vgl. Theal: Bel. Hist. Dok., III p.426: Paterson, p.79: Masson, pp.291, 293. By v.d. Merwe a.w. p.229-30.
1. Vgl. C H Olivier, 18.12.1826 (Theal: Records, XXIX, p. 478. By v.d.Merwe a.w. p. 230.)

Waar boere nie self kon tuinmaak nie, het hulle ook selde groente geëet. Howison noem byvoorbeeld die geval van ‘n boer wat langs die leeuwrivier in die Karroo, distrik Beaufort, gewoon het. Toe hy hom besoek het, het hy die vorige vier jaar nie reën gehad nie. Die rivier het brak geword en die water was ondrinkbaar. Tevergeefs het hy in die brak grond probeer tuinmaak. Sy vee het van droogte gevrek en hy kon nie wild skiet nie omdat sy ammunisie op was. Brood het hy vir weke nie geëet nie… Dit is geen buitengewone geval nie. Honderde binnelandse boere – verseker Howison ons – het met derglike moeilikhede te kampe gehad en moes soortgelyke ontberinge verduur.

Gedurende die 18de eeu en die eerste jare van die 19de eeu was tee die geliefkoosde drank op die platteland. Die altyd gevulde trekpot op die tafeltjie in die voorkamer was een van die eerste dinge wat die reisiger opgeval het. Enige tyd van die dag kon hy ten minste op ‘n koppie tee reken. In streke waar die water brak was, is daar van die môre tot die aand tee gedrink. Die tee is gewoonlik flou gemaak en meestal sonder suiker en melk gebruik. Dit het egter ook voorgekom dat ‘n blikkie suiker rondgegee is, sodat elkeen ‘n klontjie kon neem om in sy mond te hou terwyl hy die tee drink. Melk is nie baie gebruik nie. As die koeie opgedroog het of terwille van beter weiveld van die plaas weggestuur was, moes die boere heeltemal sonder melk klaarkom. In streke van oorwegende beesboerdery was melk volop, maar daar is dit meestal alles vir die maak van botter gebruik. Bier was nêrens in die Kolonie – behalwe Kaapstad – te kry nie. Wyn is in die binneland min gedrink, maar af en toe is ‘n vaatjie brandewyn by ‘n smous geruil of uit die Kaap saamgebring.

## 6. KLERE EN MODES IN DIE PLATTELAND

In die ou dae het die boere ook maar hul modes uit Europa gekry. [1) ] Selfs in hulle afgesonderheid het hulle nie ‘n eg nasionale kleredrag ontwikkel nie. Europese modes was meestel ‘n jaar of wat oud as hulle

1. Herinneringe van L C de Klerk (Preller: Voortrekkermense, I. pp.242, 243 en 262) By van der Merwe, p.235 – 6.

Kaapstad bereik het. Hiervandaan het hulle nog stadiger versprei. Die dorpies het Kaapstad betreklik gou gevolg, maar dit het baie lank geduur voordat 'n nuwe mode die boereplase in die binneland bereik het. Die modes van die grensboere was gewoonlik minstens tien jaar agter – as ons Kaapstad as norm neem.

Teen die tyd van die Groot Trek kon daar op die platteland in breë trekke twee soorte dragte vir mans onderskei word. Die Doppers het kort baadjies en klapbroeke, wat op die heupe vasgeknoop is, gedra. Meestal het sulke broeke skuiwe gehad, wat belet het dat hulle afsak. Soms is ook 'n gord om die maag gedra. Nòg die gord nòg die skuif kon egter vertrou word. Die broeke het dikwels tot op die heupe afgesak, en aangesien die baadjies so kort was, het daar dan 'n stuk hemp agter tussen die broek en die baadjie uitgesteek. By die ander boere het dit nooit voorgekom dat die hemp agter die rug wys nie. Hulle was verstandig genoeg om kruisbande te dra, en buitendien was hulle baadjies langer as diè van die Doppers. Broeke het dikwels in lengte verskil, maar dit het minstens tot aan die enkel gereik. Sommige het dit nog langer – tot op die skoen – gedra. Die velbroek was egter gewoonlik aan die kort kant. Die pype het onder te maklik in die gras nat geword en dan was die leer natuurlik hard as dit weer droog geword het. Teen die begin van die 19e eeu was velklere algemeen in gebruik. Jongmense en slawe het byna niks anders gedra as gebreide velklere nie. [1)]

Mansklere is meestal gemaak van "dufse" stof wat wollerig van voorkoms en vaal of bruin van kleur was. Soms is molvel, bokskyn of mankinet gebruik. Blou met 'n strepie was baie gewild, hoewel die Doppers oor die algemeen bruin verkies het. Vir «kisklere" wat net Sondae of by spesiale geleenthede gedra is, is beter stof gebruik. Kisklere is meestal gemaak van gladde of koord-fluweel – swart, groen, bruin of donker geel van kleur. Net ryk boere kon 'n lakense baadjie en onderbaadjie met 'n kasmier-broek bekostig. Gedurende die week is 'n gewone geruite of blou wolhemp gedra, maar Sondae is dit verwissel met 'n hemp van fyn linne.

1. Lichtenstein – 2-9-1805 by van der Merwe – Trek, p.143.

Verskillende soorte hoede was in die mode. Die meeste boere het breërand-hoede wat hul gesigte en nekke teen die stekende strale van die son kon beskerm, verkies. Smalrand-hoede van ottervel met hoë bolle is egter ook af en toe gesien. Teen die tyd van die Groot Trek het kinders dikwels strooihoede, wat deur hul moeders self gevleg is, gedra. Andries Hendrik Potgieter, die bekende voortrekkerleier, het ook 'n strooihoed – met 'n breë rand en groen voering – besit. [1] Piet Retief het soms 'n wolhoed met 'n smal rand en 'n hoërige bol opgehad. [2] Sulke hoede is meestal deur die boere self gemaak en het maklik vyf jaar gehou. Gerrit Maritz het meer 'n hoëbol-keil van vaal wol getrek, maar dit was seker 'n uitsondering.[3]

Vroue het teen die tyd van die Groot Trek groter variasie as mansmodes vertoon. Rokke het egter meestal boordjies om die hals en wye moue, wat met 'n knopie om die pols vas was, gehad. Verder is die rokke lank gedra, en het hulle dikwels 'n menigte opnaaisels van die soom tot ongeveer op die hoogte van die kuit gehad. Tjalies van wol of sy is dikwels gesien. Teen die tyd van die Groot trek het dames in die reël nie meer sonder kouse geloop nie, wat vyftig jaar vroeër 'n doodgewone ding was. Mans het egter nie altyd kouse gedra nie en kinders byna nooit. Handskoene was 'n seldsaamheid, maar dames het dikwels moffies gebruik. Albei geslagte het soms in die winkel of by 'n smous klaargemaakte skoene gekoop, maar die meeste het tuisgemaakte veldskoene gedra. Inderdaad is met die hand gemaakte riempieskoene in die ou dae hoër op prys gestel as winkelskoene.

Dames het meestal middelpaadjie gekam en die hare in twee vlegsels agter die rug gedra. Soms is dit met 'n kam van skilpaddop vasgesteek. Partykeer het vroue en meisies hoedjies op gehad en sambreeltjies gebruik om hul gesigte teen die strale van die son te beskerm, maar die tipiese hoofdeksel vir vroue was die bekende kappie. Die kappie het soos 'n wa-tent plat oor die kop gegaan en die gesig diep agter-in verberg, terwyl die valle tot op die skouers gereik het en die nek en

1. L C de Klerk, Herrineringe (voortrekkermense, I p.263. by van der Merwe, a.w. p.236.
2. L C de Klerk, Herrineringe (voortrekkermense, I,p.262. By van der Merwe a.w. p.236.
3. L C de Klerk, Herrineringe (Voortrekkermense, I,p.263, Borcherds: Memoir, p. 57. By van der Merwe, a.w. p.236.

hals teen son en wind beskerm het. Dit was die vernaamste verdienste van die kappie, want die vroue was in die ou dae erg gesteld op hulle gelaatskleur, en hulle het nie daarvan gehou om hulle "soos kaffers" te laat verbrand nie.

Die maak van 'n kappie was 'n hele kuns. Dit het ook baie tyd in beslag geneem, want dit moes heeltemal met die hand gestik word. Dit is met die grootste sorg en oplettenheid klaargemaak, en op die bol is boonop dikwels allerlei patroontjies – hartjies, ruitjies, of sirkeltjies, of 'n kombinasie van allerlei vorms – uitgewerk, terwyl die valle met plooitjies en soompies versier is. 'n Kappie is met twee bande onder die ken vasgestrik en kon dus nie afwaai nie. Meestal is kapies van fyn wit linne gemaak, maar donker merino is ook af en toe gebruik. Kappies het maklik gewas, maar die strykery was ingewikkelder. Om die kappie die nodige ronding oor die kop te gee, moes dit oor 'n blok gestryk word.

Vroueklere was in die ou dae meestal van sis, merino, alpaca, geruit en kamerdoek. Syrokke was geen seldsaamheid nie, maar dis net by spesiale geleenthede gedra. Die onderklere van die vroue was meestal van linne, rooi of wit flennie, geruit of baai gemaak. [1)]

Kledingstowwe is gewoonlik by die rol gekoop as die wa Kaap-toe gegaan het of as daar 'n smous gekom het. [2)] Geweefde stowwe was egter duur en daar was nie altyd 'n smous of 'n winkel byderhand nie. Daarom het die boere probeer om gekoopte kledingstowwe soveel moontlik te vervang met leer wat hulle self gebrei het. Veral die velbroek is orals op die platteland algemeen gebruik. En dit was nie net die boere van daardie dae wat velbroeke gedra het nie. Al om die tweede jaar het die Kompanjiesregering aan die Kaap 1800 skaapvelle opgehoop "om navolgens een al oud gebruik de zoldaten by de kleeding ook van een leedere broek te kunnen voorzien." Ook ander kledingstukke, soos

1. Herinneringe van LC de Klerk (Voortrekkermense, I p.242 e.v.) Vergelyk verder: Thunberg, I,pp.195 & 208; Sparman I pp.303-304 en II, p.584, Swellengrebel Familieargief Dagverhaal van S. se reis p.72, Borcherds,p.57, Barrow, II,p.401: Mackenzie; Sketches, p.313. Pringle, pp.177-178. by van der Merwe a.w. p.238.
2. Sparman, I, pp.303-304; Pringle pp. 177-178; Percival, p. 216. By van der Merwe a.w. p.238

bobaadjies vir mans en bo- en onderrokke vir vroue, is dikwels van leer vervaardig. Hiervoor is deeglik bereide leer, wat meestal so sag as doek was, gebruik. Ongelukkig kon dit nie maklik gewas word nie, maar dit kon darem met lemoensap en ander derglike stowwe skoongemaak word. Vir onderbaadjies is soms gebreide kalfsvel met die haarkant na buite gebruik. [1]

In die loop van die 19de eeu het fabriekstowwe meer en meer die plek van leer ingeneem, maar teen die tyd van die Groot Trek was velklere selfs by welgestelde boere glad nie ‘n seldsaamheid nie. In die buitedistrikte het kinders, slawe en Hottentotte dikwels niks anders gedra nie.[2] En die armes – wat daar in die ou dae ook was, hoewel hulle toe makliker hul selfstandigheid kon behou en hul armoede nie soveel sosiale minderwaardigheid as vandag meegebring het nie – kon meestal nie geweefde kledingstowwe bekostig nie. Hulle moes hulle maar so goed as hulle kon met velle behelp.[3]

7. VERVOER

‘n Reis per ossewa van Graaff-Reinet na Kaapstad en terug het twee tot drie maande geduur. [4] Ons vind ‘n pragtige beskrywing van ‘n gelaaide ossewa wat oor die berge trek by Jansens en De Mist. [5]

---

1. Burchell, I p.243; Barrow, I,p.105; Percival, p.216. By van der Merwe a.w. p.2383
2. B.R. 131 Scheeps- en ander Journale: H. Lichtenstein, 5.9.1805, p.781; Lichtenstein; Reizen, I,pp.119 en 199. By van der Merwe a.w. p.238-9.
3. St. 228 Minuut Brieven Landdros van Stellenbosch – Goewerneur, Sept. 1739 C37 Resolusies, 23.3.1745, p.121; F Kersten; Memorandum on the Condition of the Colony in 1795 (Theal, Records, I); C H Olivier; Verklaring 8.12.1826, (Theal, Records, XXIX, p.478). By van der Merwe a.w. p.239.
4. Van der Merwe – Trek p.90.
5. J.W. Jansens en J A de Mist 9-4-1803, Theal a.w. III p.208 By van der Merwe a.w. p.196.

8. DIE SKOOL EN DIE ONDERWYS

Dorpskooltjies het hier en daar ontstaan, maar hulle het maar weinig betekenis vir die platteland gehad. Die onderwys wat plaaskinders gekry het, het hulle in die reël ontvang van rondswerwende skoolmeesters wat hul ouers self moes huur. [1)]

Hierdie onderwysers, wat 'n betreklik veragtelike posisie in die samelewing beklee het, het van plaas tot plaas deur die Kolonie rondgetrek. Gewoonlik het hulle nie langer as ses maande of 'n jaar op dieselfde plek gebly nie, en in hierdie tyd moes hulle die opvoeding van hul leerlinge voltooi. Meermale was hierdie sogenaamde onderwysers ontslane matrose of soldate, wat self net kon lees en skryf en in menigte opsig 'n oneer vir hul beroep was. Die lone wat hulle ontvang het, is meestal in natura betaal, en was so gering dat daar vir 'n beter klas onderwyser geen aanleiding bestaan het om hom op die platteland te vestig nie.

Afgesien van die gebrek aan geskikte onderwysers het die skaarste aan die skool- en leesboeke onderwys in die ou dae moeilik gemaak. Beginners het 'n A.B.C.-boek met prente van Adam en Eva gebruik. Die vervolg hiervan was die "A.B.-jab", wat woorde van twee lettergrepe bevat het. Daarop het 'n spelboek – die bekende "Trap der Jeugd" – gevolg. Gewoonlik is die kinders net geleer om te lees, te skrywe en te reken, en het hulle daarby 'n bietjie godsdiensonderrig ontvang. Hulle moes die "Onze Vader", die Tien Gebooie en die Twaalf Geloofsartikels ken, en het voorts die kategismus bestudeer. Meer as dit het die ouers as oorbodig beskou, hoewel almal erg daarop gesteld was dat hul kinders ten minste hierdie minimum onderwys moes geniet. Die gevolg hiervan was dat hoewel min kinders op die platteland gevorderde onderwys geniet het, analfabetisme nie veel voorgekom het nie. [2)]

1. C.O. 113 Raad van Justisie: Rapport van die Rondgaande Hof, 1913, C.O. 142 raad van Justisie; Rapport van die Rondgaande Hof. 1814: C.O. 1443 Despatch Book: R Bourke – Huskisson 19.5.1829 Rev. G. Thom – Lord Charles Somerset, 21.1.1821 (Theal's Records XIII) Burchell; Travels I,p.199, Latrobe: Journal p.252 Lichtensten II,p.127. by v.d.Merwe a.w.p.246.
2. C.O. 98 Court of Justice; General Report of the Commission of Circuit, 1812, C.O. 133 Court of Justice; General Report of the commission of Circuit 1813, C.O. 142 Court of Justice; General Report of the commission of Circuit, 1814, C.O. 719 Worcester: Truter – Kol. Sekr. 5.11.1833; Latrobe: Journal, p.252; Bunbury: Journal p. 183; de Jong; Reizen p.133-134; Herinneringe van LC de Klerk (Voortrekkermense, I,p.256-257) E.G. Malherbe: Onderwys en die Armblanke p.18. By van der Merwe a.w. p.246-7.

Die waarde van hierdie karige onderwys, wat weinig meer as voorbereiding vir die aanneming beoog het, moet egter nie onderskat word nie. Dit het ten minste die volk in staat gestel om hul Bybel te lees en aldus die persoonlike pligte wat hulle Protestantse geloof voorskrywe het, na te kom.[3)]

## 9. DIE PLAASLIKE REGERING

### 9.1 DIE LANDDROS

In 1793 na die eerste Britse verowering aan die Kaap was die taak van die landdros die volgende:

The Magistracies of the Districts of Stellenbosse, Swellendam and Graaff-Reinet were constituted in the following manner.

There was on the part of the Dutch Company a Landdrost or Bailiff, who at the same time presided over the Colleges of Heemraden and of the Burgher officers.

When crimes or trespasses were committed, the Landdrost was obliged to prosecute the criminal as public accuser, before the superior Council of Justice at the Cape; in this however he was subject to the right of prevention which the Fiscal exercised over the whole Colony. The Landdrost likewise paid attention to the interests of the company, the public peace, and the Company's forests. He acted as Commissioner of Sales in his District, and to compensate for the Hazard he ran of bad debts, he had two and a half per cent on all Real Estates and five per cent on all moveables which he brought to sale. He kept at his own expence a clerk, and a crier of sales. However, these Landdrosts were obliged to deposit in the Company's Treasury a part of their salaries, the Landdrost of Stellenbosse ¼, the Landdrost of Swellendam and Graaff-Reinet

3. E G Malherbe: Onderwys en die Armblanke, p.18. By v.d. Merwe a.w. p.247.

each 2/5, which, together with 11/16 of the salary of the Commissioner of Sales in the Cape, served to defray the expence of some extraordinary appointments and some servants of the Company.

The Landdrosts were obliged once in three months to send a Journal of all that had passed to the Governor, principally the resolutions which had been made by the Colleges of Heemraaden, and of the officers of the Burghers.

The remaining duties of the Landdrosts are detailed in an Instruction of the 20th of June 1793.[1)]

In 1805 voor die tweede Britse verowering van die Kaap is die bepalinge uitgebrei.

Art. 2.

Alle de overige Buiten-Districten zyn verdeeld in vyf Drostdyen, bekend onder de naamen van Stellenbosch, Zwellendam, Graaff-Reinet, Uitenhage en Tulbagh, van welke Drostdyen de limiten deels reeds door den Commissaris Generaal en Chef nog staan staan bepaald te worden.[2)]

Art. 7.

In Crimineele zaaken zyn de Landdrosten ondergeschikt aan den Procureur Generaal, aan wien derhalven van alle misdaaden, in elke Drostdy begaan wordende, behoorlyk kennisse moet worden gegeeven; ten einde te lette, dat dezelve prompt en regelmatig worden vervolgd. Ook heft de Procureur Generaals, als eerste Officier der Justitie, het recht van praeventie, wanneer hy namelyk den Delinguant het eerst heft gearresteerd of in hechtenis gesteld, dan wel omtrent het begaande fait het eerst heft begonnen informatien in te winnen.[1)]

---

1. Theal, G Mc C – Records of the Cape Colony 1 1793-96 (1897) p.250.
2. Eybers, Dr. G W – Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop 1805. Uitgegeven door het Historisch Genootschap (1922) Werken 3e serie no. 45 p.82.
1. Vgl. Eybers a.w. p.83.

Art. 8.

Het Vendumeesterschap zal voortaan afgescheiden zyn van het Amp van Landdrost, en verboden aan dat van den Secretaris van ieder District; ‘t geen gerekend zalworden ingang te hebben genomen met primo January deezes Jaars; ten dien effecte, dat de Landdrosten het in hunne keuze zullen hebben, om, wanneer het sedert dien tyd, op den voorigen voet, by hen genoten Vendu-Salaris, meerder mogt bedragen, als het hier na te bapalen Tractement, dit Salaris in stede van Tractement te behouden, en hier van te desisteeren. (2 Nov. 1805) [1)]

9.2 HEEMRADE

In 1793 is die pligte en verantwoordelikhede van die kollege van Heemrade as volg omskrywe:

The College of Heemraaden, all the members of which were Burghers, and the Landdrost President. To this College was committed the Magistracy, under the approbation of the Regency at the Cape, consequently they exercised the same functions in their districts which the Commissioners of the College of Justice did in the Cape. The College generally met once a month, not for this purpose only, but to settle disputes about pastures, lands, water ways and other objects of a similar nature.

At Stellenbosch and Swellendam they judged in cases not exceeding a hundred Rixdollars, and at Graaff-Reinet their powers extended to cases of a thousand florins.

Their sentences were subject to an appeal to the Council of Justice at the Cape, except in matters under 25 Rixdollars, wherein their judgement was final.

They received the sums arising from the annual contributions which the inhabitants were obliged to make in proportion to the number of cattle they possessed.

1. Vgl. Ibid p.83

These sums were expended in keeping up buildings, and some other necessary expenses in the district. Although this College was not strictly invested with the jurisdiction in Criminal cases, it was nevertheless authorized to exert it in particular circumstances, in consequence of which it had a right to inspect the bodies of murdered or wounded persons, to lay the necessary information before the Landdrost in order to commence a process, and even to examine witnesses upon oath.

There are particular instructions for these Colleges, the last for the District of Stellenbosch was renewed in the year 1793 on the 20th of June.

Each of these Colleges employed a Secretary and a Messenger at the Company's expence. The Heemraaden only remained in office two years, at the end of which the College made a nomination from which the Regency selected the new Members.[1)]

In 1805 word o.a. die volgende bepalings toegevoeg:

Art. 3.

Elke dezer Drostdyen word bestierd door een Landdrost, aan wien toegevoegd zyn, zo veele geërfde notabele Burgers en Inwoonders, onder den naam van Heemraaden, als de Gouverneur en Generaal en Chef voor de onderscheiden Districten dienstig oordeelt, welke Heemraaden met den Landdrost één Collegie formeeren, ten einde op eene behoorlyke Instructie, en geädsisteerd door eenen expressen Secretaris, over de belangens der Drostdy te raadpleegen en te besluiten. [2)]

---

1. Theal. A.w. p.250-1.
2. Eybers a.w. p.82.

Art. 4.

Dit Collegie is tevens bekleed met de Rechterlyke Macht, tot eene bepaalde somme, en is mede bevoegd tot het doen aantekenen en voltrekken van Huwelyken, voor Gecommitteerdens uit dezelfs midden; - in beide gevallen, voor zo verre de limiten der Drostdy betreft.[1)]

Art. 5.

Het onderhoorig District van elke Drostdy, is verdeelt in zo veele Veld-Cornetschappen, als het belang en het gerief der Ingezetenen vorderen, welke Veld-Cornets, almede op bezondere Instructien, binnen hunne bepaalde limiten, zeker gedeelte van publiek bestier uitoeffenen, en de beveelen van den Landdrost, of van Landdrost en Heemraaden uitvoeren.[2)]

Art. 6.

De Landdrost, zo wel als het Collegie van Landdrost en Heemraaden, ontfangen de nodige beveelen onmiddelyk van den Gouverneur en Generaal en Chef, of van Gouverneur en Raaden, met uitzondering alleen van hunne Rechterlyke betrekking, waaromtrent zy ook gehouden zyn te eerbiedigen en op te volgen, de Decreeten van den Raade van Justitie, als het opperste Gerechtshof in deze Volkplanting.[3)]

Art. 99.

Het Kollegie van Landdrost en Heemraden bestaat in elk Distrikt uit den Landdrost, als Voorzitter, en zes geërfde notabele Burgers en Inwoners van Hetzelve, als Leden.[4)]

1. Eybers a.w. p.82-3
2. Ibid
3. Ibid
4. Eybers a.q. p.112.

Art. 100.

De Heemraden zullen by hunne electie den ouderdom van volle dertig jaren bereikt, en gedurende de laatste drie jaren in het Distrikt, waarin zy tot dezen post gekozen worden, gewoond moeten hebben, mitsgaders in hetzelve Bezitter van eene Eigendoms- of Leeningsplaats, dan wel op de Residentie van zoodanig. Distrikt, Grondeigenaar van eenig vast Goed moeten zijn. [5)]

Art. 101.

By de oprigting van nieuwe Drostdyen, worden Heemraden onmiddelyk door den Gouverneur en Generaal en Chef aangesteld, en volgen op elkanderen naar hunnen ouderdom; - doch in de reeds bestaande Kollegien continueren de tegenwoordige Heemraden als zoodanig te fungeren. [1)]

Art. 102.

Op het einde van elk jaar, te beginnen met dit loopend jaar 1806, treden de twee oudste Heemraden af; en wordt door den Landdrost en de aanblyvende Heemraden, aan den Gouverneur en Generaal en Chef, eene nominatie van vier Burgers van het Distrikt, de by Art. 2 voorgeschreven vereischtens bezittende, ingezonden, ten einde daaruit twee tot Heemraden, voor het dan volgend jaar, te kiezen.

De beide aftredende Heemraden mogen mede op nieuw worden benoemd. [2)]

---

5. Ibid
1. Eybers a.w. p.112
2. Ibid p. 112-3.

Art. 103.

Dit Kollegie zal, in de Distrikten Swellendam, Graaff-Reinet en Uitenhage, alle drie maanden, en in de Distrikten van Stellenbosch en Tulbach, alle maanden, op den eersten instantie, het Regter-Ambt, in de hierna te noemen gevallen uit te oefenen, en voorts mede te raadplegen en te besluiten over alle zoodanige andere Distriksbelangens, als waarvan het toevoorzight en bestier, by deze Instructie, aan het Kollegie van Landdrost en Heemraden is toebetrouwd. [1)]

INSTRUCTIE

Voor De

Kollegien van Landdrost en Heemraden in de respective Buiten-Distrikten

Art. 106.

De Leden van het Kollegie zyn gehouden, de Vergaderingen getrouwelyk by te wonen, ten ware zy door wettige redenen werden verhinderd; in welk geval zy hiervan, ten minste ‘s daags vóór de Vergadering, aan den Landdrost behoorlyk kennisse zullen moeten geven, op poene van by gebreke van wettige redenen, of ook van behoorlyke kennisgewing, te zullen vervallen in eene boete van vyf Ryksdaalders, ten behoewe der Distrikts-Kasse. [2)]

Art. 107.

Voorts zullen de Landdrosten der respective Buiten-Distrikten, ieder in het zyne, nevens twee Heemraden, door dezelven te benoemen, geadsisteerd door den Secretaris der Drostdy, fungeren als Commissarissen van Huwelykszaken.[3)]

---

1. Ibid p. 113.
2. Eybers a.w. p. 113-4.
3. Ibid p.114.

Art 108.

Betreffende de overige function van het Kollegie, behooren Heemraden, voor zoo verre het beleid der publieke zaken aangaat, in ‘t gemeen werkzaam te zyn, op dezelfde grondbeginselen, welke aan de Landdrosten, by derzelver Instructie, zyn voorgeschreven. Gevolglyk trachten zy in al hetgeen met de opvoeding der Jeugd, bescherming van eigendommen en bezittingen, beschaving en bescherming der Indingenes, verbetering van Landbouw en Veeteelt, enz. in verband staan, den Landdrost van het Distrikt met al hun vermogen en naar hunne beste kennis en wetenschap te raden en te ondersteunen. [1)]

Art 109.

Heemraden behooren in ieder Distrikt aangemerkt te worden als de notabelste en de meest ervaren onder hunne Medeburgers; - doch deze eervolle betrekking kan alleen waarde hebben, wanneer Heemraden onophoudelyk bedacht en werkzaam zyn, om de belangens hunner Medebergers te helpen bevorderen – aan dezen de vruchten van een weldadig bestuur te doen smaken, - en zich dus kunnen verzekeren van het vertrouwen en de erkentenis van allen, die hunne ware belangens kennen en de bevordering daarvan op den regten prys weten te stellen. 2)

Art 110.

Lnaddrost en Heemraden geven in het byzonder acht op alle voortbrengselen van hun Distrikt; - onderzoeken, of en welke derzelven jaarlyks vermeerderen of verminderen. [3)]

Art 113.

In zoodanige Distrikte, daar de Bewoners zich voornamelyk of de Veeteelt toeleggen, is het meer byzonder aan de zorge van den Landdrost en Heemraden aanbevolen, om behalve de bevordering van de teelt van Wolgevende Schapen, hun aandacht ook te vestigen op het Rundvee, en door alle gepaste middelen de Opgezetenen aan te moedigen, dat dezelve zich by het voor de volkplanting nuttigste soort bepalen, en door behoorlyke zorge, hun Vee in den best mogelyken staat onderhouden, als zynde het

1. Ibid p. 114.
2. Eybers a.w. p.115.
3. Ibid p.115.

voordeel hiervan, zoo tot voedsel als voor den Landbouw, met de belangens van den Veefokker ten naauwsten vereenigd. De verdere verbetering van het ras der Paarden behoort insgelyks, als een belangryk point, te worden aangemerkt. [1)]

Art. 114.

Landdrose en Heemraden zorgen mede, dat de Landerven in hun distrikt regulier en met overleg worden gecultiveerd; en dat, vooral in de nabyheid der residentie, het aanplanten van Hout worde aangemoedigt, en de bestaande Houtbosschen, zoo veel doenlyk, worden geconserveerd. [2)]

Art. 115.

Betrekkelyd de Finantien van het Distrikt, betrachten Landdrost en Heemraden de uiterste stipteid, in de invordering van alle opkomsten, en de meest mogelyke spaarzaamheid in de uitgaven. Het eerste bevordert de regelmatigheid, en bewaart de evenredigheid in het opbrengen van lastern; terwyl het laatste aan de Opgezetenen de gerustelling verschaft, dat zy het hunne waarlyk ten algemeenen beste contribueren. [3)]

Art. 116.

Landdrost en Heemraden zyn niet bevoegd om nieuwe belastingen te heffen. Wanneer de gewone opkomsten niet toereikende zyn om de uitgaven te bestryden, geven zy aan Gouverneur en Raden hiervan kennis, met byvoeging hunner consideration; en deze beoordeelen en bepalen, door welke middelen de Kasse moet worden ondersteund. [4)]

---

1. Eybers aw. P.116.
2. Ibid p. 116.
3. Ibid p. 116-7.
4. Ibid p. 117.

Art. 120.

Alle Distriktsgelden worden door den Landdrost ontvangen, en bewaard ter Drostdy in een Kist, met drie onderscheidene sloten voorzien, waarvan een zal berusten onder den Landdrost, en de beide andere onder twee onderscheidene Heemraden, door het vol Kollegie, jaarlyks by het aankomen van nieuwe Heemraden, expres te benoemen; zullende de een zonder den anderene geen toegang tot die Kasse hebben, en alle drie personeel voor dezelve verantwoordelyk zyn. [1)]

10. DIE VERDEDIGINGSTELSEL

10.1 DIE VELDKOMMANDANT

Die pos van Veldkommandant is in die jaar 1780 in die lewe geroep tot voorkoming en verbetering van 'velerleij negligentien, onordes en confusien die sedert eenen geruijmen tyd herwaarts onder de veraf wonende ingesetenen hebben plaats gehad. [2)]

Die burgerkommando's het gewoonlik onder die bevel van 'n veldkommandant gestaan met die nodige veldkorporaals. Onder die veldkommandant het ook vyf veldwagmeesters gestaan wat geen onbelangrike rol gespeel het nie. [3)] In 1796 met die Britse verowering van die Kaap word die benaming veldwagmeesters vervang met veldkornette. [4)] Die landdros was voorsitter van sowel die kollege van Heemrade en Krygsrade waardeur hy besondere administratiewe en militêre verantwoordelikhede in sy distrik gedra het.

In 1793 het Veldkommandant J P van der Walt burgers opgekommandeer sonder om die landdros te raadpleeg en selfs 'n veldkorporaal aangestel. Die veldwagmeesters het die landdros genader en gevra hoe hul hul moes gedra in hierdie aangeleentheid. Die landdros het die geval aan

---

1. Ibid p.118.
2. Vgl. Staatsargief Kaapstad C705 Instructien p.317 1780 by J P Venter – "Landdros en Heemrade" Argiefjaarboek in SA Geskiedenis 1940 Deel II
3. Vgl. Venter a.w. p.170.
4. Vgl. Marais, J B – Maynier and the First Boer Republic p.101.

die regering voorgelê. Dit het geblyk dat Van der Walt nie op eie houtjie gehandel het nie, maar in ooreenstemming met sekere instruksies van die goewerneur. Laasgenoemde het aan die landdros te kenne gegee dat dit nie sy bedoeling was om Van der Walt te magtig om burgers van die verskillende distrikte vir diens op te kommandeer nie, maar dat hy gemeen het dat dit nuttig sou wees dat die veldkommandant by die ontdekking van boesmans die nodige manskappe sou rekruteer sonder om eers die bevele van die landdros af te wag en dat hy daarna rapport moes doen sodat die landdroste op die hoogte kon wees van wat in hul distrikte gaande was. [4)]

## 10.2 DIE KRYGSRAAD

Theal gee 'n omskrywing van die samestelling en bevoegdhede van die Krygsraad na die Britse verowering van die Kaap (20 Junie 1793). The College of Officers of the Burgher Militia, or Krijgsraad. There was a College of this nature in each district, consisting of the Landdrost as President and all the officers of the Burgher Militia. Their functions were the same as those of the Krijgsraad in the Cape, excepting this circumstance, that neither the Offices nor Burghers mounted guard. The exercise of the Cavalry, amounting to eleven companies in all the Districts, took place in October. They were obliged to take arms against the savages, malefactors and oter vagabonds who distrubed the public tranquillity. The Secretary and Messenger of the Heemraden served this College also, for which they had an allowance from the College.

In Graaf-Reinet the College met once in three months, and in the other districts once a month.

---

4. Staatsargief Kaapstad St. 13 11 Resolusies Krygsraad 4-6-1793 by Venter aw. P. 171-2

## 10.3 DIE VELDWAGMEESTERS

Veld Wagtmeesters were those persons appointed by the Landdrost and the College of Burgher Officers to execute some funtions belonging strictly to the Magistrates or other persons whose duty it is to preserve good order in a certain part of the district, but which the extent of the Magistrates or other persons whose duty it is to preserve good order in a certain part of the district, but which the extent of the country prevented the Magistrate himself from doing, especially in cases wherein the public good admitted of no delay.

In each district there were a certain number of persons who where authorize to call the Burghers to arms in order to prevent or quell tumult of any kind, to have slaves or other fugitives caught who disturbed the public safety, and to carry them before the Bailiff under whose orders they acted. In the case of murder or homicide they were to seize the guilty person and to deliver him over to the Bailiff or Officer of Justice of the District. They were to inspect, in the presence of two irreproachable witnesses, the bodies of all persons who did not die a natural death, when the person who died was more than a day's journey from the Bailliage, and to make a report of the business. They executed orders issued by the Regency or the Landdrost in the College of the district. And in the last place they had an eye upon all events that might influence the laws, or good order, that they might immediately communicate their information to the Bailiff. They also informed him of Shipwrecks or the arrival of Vessels.